

F. BESLUITEREGISTER ALGEMENE SINODE 2002

1. ALGEMENE SAKE

1.1 AANVALLE OP PLASE (568: 3.4.9)

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om in kontak met die boerderygemeenskap rondom hierdie kommerwekkende verskynsel te bly.
2. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om gereeld vir die boerderygemeenskap te bid en op predikante om deur middel van hulle prediking steeds te poog om die regte gesindheid by die lidmate te skep.

1.2 ALGEMENE SINODE

1.2.1 Strategiese beplanning (569: 7.2.1.4.4)

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die nuwe Moderamen om 'n ad hoc-kommissie vir die strategiese beplanning van die Algemene Sinode te benoem; die uitgangspunt is die bevoegdheid van die Algemene Sinode.

1.2.2 Afvaardiging (569: 7.2.1.4.1.2)

1. Word verwys na die ASK/Moderamen vir verdere studie, wat by die onderskeie streeksinodes getoets moet word. In die oorweging van die samestelling van die Algemene Sinode moet die volgende sake in gedagte gehou word:

1.1 Verskansing van die belydenis

1.2 Ekumene

1.3 Die reg tot uittrede

1.4 Verskansing van eiendomme

1.5 Gelyke verteenwoordiging teen oorheersing

1.6 Bekostigbaarheid (alternatiewe maniere waarop die Algemene Sinode meer bekostigbaar kan vergader)

1.7 Die aanvaarding van eienaarskap

1.8 Die termyn van die Dagbestuur

1.2 Tot die volgende Sinodesitting geld Art. 38 van die Kerkorde (1998) steeds (maw die personeel van die volgende sinode is dieselfde as tans.)

1.3 Vgl ook opdrag aan ARK insake afvaardiging.

1.2.3 Agenda (578) - die Algemene Sinode dra dit aan die kommissie vir die Agenda op om die volgende Algemene Sinode so in te ruim dat die volgende tereg kom:

1. Die behandeling van sake op so 'n wyse dat die proses voorsiening maak vir 'n fokus op INLIGTING, BESPREKING, en BESLUITNEMING. (Daar kan met vrug van insette van Oos-Transvaal gebruik gemaak word)

2. Deelname deur soveel as moontlik afgevaardigdes aan die behandeling van sake deur onder meer gebruik te maak van klein groepe en ander vergaderreëlings. (Daar kan met my van insette van Suid-Transvaal gebruik gemaak word).

3. Die aanbieding van verslae op 'n meer koste- en tydeffektiewe wyse, onder meer deur gebruik van multimedia.

4. Meer interaksie, persoonlike kontak en gemeenskap tussen afgevaardigdes tereg kom.

5. Geleentheid om ons ryke erfenis van gereformeerde spiritualiteit liturgies te vier. (Daar kan met vrug van insette van Oos-Kaap gebruik gemaak word).

6. 'n Groter mate van krewiteit en 'n atmosfeer waarin besluitneming geleentheid vir kreatiewe oplossings toelaat.

7. Laer koste onder meer deur die oorweging van verskillende moontlikhede met betrekking tot die plek waar die sinode aangebied word.

Die Kommissie vir die Agenda moet kundige lede betrek in die voorbereiding van die Algemene Sinode.

1.2.4 Werkwyse kommissies (563)

1. Die Algemene Sinode besluit om die werkwyse van die permanente kommissies te rasionaliseer sodat daar wedersydse koördinering kan wees van hulle insette voordat die Agenda verskyn.

2. Die Algemene Sinode besluit dat botsings, oorvleuelings; duplisering en amenderings van permanente kommissies se aanbevelings deur ander permanente kommissies voor die verskyning van die Agenda uitgeklaar word.

3. Die Algemene Sinode versoek die ASK om 'n werkwyse vir die permanente kommissies daar te stel wat konkreet uitdrukking gee aan pt 1 en 2.

1.2.5 Inspraak in verslae (553) -- die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om 'n ondersoek te inisieer na maniere waarop Kerkrade en Ringe inspraak kan kry in die inhoud en samestelling van verslae aan die Sinode.

1.2.6 Moderatuur (579) - verwys na taakspan:

Die Algemene Sinode besluit:

1. Dat die moderatuur van hierdie sitting van die Algemene Sinode ook as moderatuur van die volgende sitting sal optree.
2. Dat die moderatuur van die dertiende sitting op die tweedelaaste dag van die twaalfde sitting gekies sal word.
3. Dat hierdie werkwyse in sittings daarna gevolg sal word.

1.2.7 Kantooropset (569: 7.2.1.4.5) -- ten opsigte van die huidige kantooropset besluit die Algemene Sinode om die status quo te handhaaf, nl dr Willie Botha bly in diens tot ten minste Junie 2004; die skriba word gewoon verkies by die Algemene Sinode en gaan voort met die werksaamhede tot ten minste Junie 2004; die hele situasie word in 2004 weer in oënskou geneem, met aanpassing en implementering vanaf Junie 2004 of dan Oktober 2004 (by die volgende Algemene Sinode). Hierdie moet ook deel vorm van die strategiese beplanning.

1.3 BESKERMINGSDIENSTE (569: 6.3.8)

1.3.1 Die Algemene Sinode versoek gemeentes vir volgehoue voorbidding vir ons lidmate in die Beskermingsdienste, veral tydens die onsekere en uitdagende tye van transformasie.

1.3.2 Die Algemene Sinode bid al die lede van Beskermingsdienste die bewaring en bystand van die Here tydens ontplooiing en ander moeilike opdragte toe.

1.4 BUITELANDSE BEDIENING (567: 2.4.3) - die Algemene Sinode

1. keur die optrede van die ASK ten opsigte van buitelandse bediening goed;
2. bekragtig die volgende standpunt: die betrokke lidmate moet sover moontlik self voorsien vir die finansiële ondersteuning van 'n eie predikant;
3. versoek sinodes, ringe, gemeentes en predikante wat buitelandse bediening beoog, om vooraf en betyds met die Kommissie vir Buitelandse Bediening te skakel;
4. verseker al die lidmate van die Kerk in die buiteland van sy opregte meeleving en positiewe gewilligheid om mee te werk aan 'n sinvolle bediening van die lidmate waar hulle hul ookal bevind.
5. gee opdrag aan die ASK om die aanbevelings in die brief van die Kerkraad van London te hanteer.

1.5 BYBEL

1.5.1 Bybelsondag (570: 7.4.1.2) - die Algemene Sinode besluit die laaste Sondag in Augustus word as Bybelsondag in die Jaarboek van die NG Kerk aangeteken.

1.5.2 Nuwe Bybelvertalings (570: 8.2.2.3)

1. Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die bereidheid van uitgewers en individue om mee te werk aan die daarstel van verskillende nuwe vertalings van die Bybel of dele van die Bybel.
2. Die Algemene Sinode bevestig opnuut dat lidmate opgeroep word tot intensiewe bestudering van die Woord en dat alle moontlike sinvolle hulpmiddele hiervoor benut behoort te word.
3. Die Algemene Sinode wys lidmate en gemeentes daarop dat die 1933(1953)- en 1983-vertalings die Bybels in Afrikaans is wat amptelik deur die kerk vir gebruik in die erediens aanvaar is. Die Bybelvertalers-paneel van die Nuwe Afrikaanse Bybel (1983-vertaling) is vooraf deur die betrokke kerke goedgekeur en hierdie Bybel is op 2 November 1983 as amptelike Bybel deur die NG Kerk aanvaar. Alternatiewe vertalings kan daarom baie waardevol en nuttig wees, maar behoort nie die amptelik goedgekeurde Bybel op die kansel te vervang nie. Dit sluit egter nie uit dat selfs in die erediens by geleentheid op verantwoordelike wyse na ander vertalings verwys kan word nie.

1.5.3 Landwyse Bybelsondag – sien Ekumene

1.6 DEURSIGTIGE OPTREDE (577) - die Algemene Sinode druk dit op die hart van alle kommissies en hulle lede om te alle tye deursigtig op te tree sodat die getuienis van die NG Kerk in die wêreld nie benadeel word nie.

1.7 DOOP VAN KINDERHUISKINDERS (567: 3.3.2)

1. Die Algemene Sinode 2002 oordeel dat die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouer as 7 jaar wat dit begeer, die implikasie het dat 'n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemou(er)s by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van 'n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem. Die moontlikheid bestaan dus dat 'n ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer, wie se kinderhuisplasing 'n min of meer permanente vorm aangeneem het, gedoopt kan word.
2. Die Algemene Sinode handhaaf die besluit dat die kinderhuis of gemeente nie korporatief as pleegouer kan optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopgelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daarvoor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouer as 7 jaar.
3. Die Algemene Sinode oordeel dat by die doop van en daarna by die nagmaalbediening aan 'n kinderhuiskind die begeerte eers van die kinderhuiskind self moet kom en dat kerkrade daarteen moet waak dat

ander oorweging nie 'n aanleidende rol speel nie. Net soos alle kinderhuiskinders bo 7 jaar nie sonder meer gedoop kan word nie, kan alle dooplidmate nie sonder meer tot die nagmaaltafel toegelaat word nie. Dit is dus nie besluite wat kerkrade sonder die uitgesproke begeerte van die ongedoopte of dooplidmate en sonder die versekering van behoorlike ouerlike of plaasvervangende begeleiding en sorg kan neem nie.

1.8 KAPELANE (568: 6.3.4 en 569: 6.3.8.2)

1. Kapelane vir diens in die SANW, SAPD, DKD en NIA word as predikante benoem deur die Algemene Sinode/ASK op aanbeveling van die Subkommissie vir Kapelaansdienste en verkry/behou op hierdie wyse predikantsbevoegdheid. Hierdie benoeming impliseer NIE dat die Algemene Sinodale verband enige huidige of toekomstige finansiële verantwoordelikheid teenoor kapelane het of dat enige diensooreenkoms tussen die kapelane en die Algemene Sinode tot stand kom nie.
2. Kapelane kan ook na 'n gemeente beroep word. Die Subkommissie vir Kapelaansdienste kan gevra word om hierin behulpsaam te wees.
3. Dit bly die gewenste keuse dat 'n kapelaan aan 'n gemeente gekoppel sal wees. Die keuse van die verbintenis aan 'n gemeente lê by die kapelaan self. Indien hy teen 'n verbintenis aan 'n gemeente besluit, moet hyself die groepversekeringspremie betaal.
4. Kapelane wat graag gekoppel/ beroep wil wees, maar dit vind om een of ander rede nie plaas nie, se premie moet deur die ring waarbinne hy/sy bly, gedra word of deur die sinode totdat hy/sy weer gekoppel word aan 'n gemeente of beroep word na 'n gemeente.
5. Die Algemene Sinode besluit dat alle huidige kapelane deur 'n eenmalige besluit van die Algemene Sinode/ASK op voorlegging deur die Subkommissie vir Kapelaansdienste benoem word as kapelane vir die onderskeie kapelaansdienste en verkry/behou op dieselfde wyse as in punt 1 hierbo hulle predikantsbevoegdheid.
6. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die kapelane en verskillende kapelaansdienste vir hulle voortgesette toewyding te midde van veeleisende uitdagings.

1.9 KERKVERENIGING

1.9.1 Bybelse begroning vir eenwording (551: 13.7)

1. Die Algemene Sinode herbevestig dat hy dit as Skriftuurlike opdrag aanvaar dat die wesenlike eenheid van die NG Kerkfamilie sigbaar en werksaam gemaak moet word.
2. Die Algemene Sinode herbevestig dat hy die strukturering van die eenheid van die NG Kerkfamilie as wesenlike deel van hierdie proses sien.
3. Die Algemene Sinode oordeel dat groter strukturele uitdrukking van die eenheid in die NG Kerkfamilie noodsaaklik is met die oog op heling (versoening), gesamentlike getuieis en meer effektiewe diens.
4. Die Algemene Sinode sien hierdie strukturering as 'n proses wat op die vlak van die plaaslike gemeente, op ringsvlak en op sinodale en algemene sinodale vlak met oorgawe ontplooi moet word.
5. Die Algemene Sinode bevestig dat die eenheid van die Afrikaanse susterkerke ook belangrik is en steeds nagestreef word

1.9.2 Verbintenis tot een kerkverband (571: 1.3.1) - die Algemene Sinode herbevestig sy voorneme en verbintenis tot een kerkverband in die NG Kerkfamilie.

1.9.3 Vorderingsproses (571: 1.3.2) - die Algemene Sinode spreek sy teleurstelling uit oor die feit dat daar tot op datum, ná 8 jaar gelede se besluit deur die Algemene Sinode 1994, min vordering in die proses gemaak is.

1.9.4 Konvent (571: 1.3.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK om in aanraking te kom met die VGKSA, NGKA en RCA om saam die moontlikheid te ondersoek om so spoedig moontlik 'n konvent te reël met die oog op die verkryging van een kerkverband.

1.9.5 Struktuur vir een kerkverband (571: 1.3.5 en 578: 1.1.1)

1. Omdat ons gehoorsaam wil wees aan die wil en wens van ons Here Jesus Christus dat sy kerk een sal wees en omdat ons diensbaar wil wees aan die koms van sy koninkryk in Suider-Afrika en ons hele kontinent, wil die Algemene Sinode van die NG Kerk hom opnuut verbind tot 'n pad van samewerking en eenheid met alle Christelike kerke.
2. Ten opsigte van die eenwordingsproses van die NG Familie spreek die Algemene Sinode daarom die oortuiging uit dat daar so spoedig moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van of hereniging tot een kerkverband vir die Familie en verklaar die Algemene Sinode hom bereid en gereed vir so 'n proses (vgl AS, H1998, p516, pt 10.2.1).
3. Die Algemene Sinode is van mening dat die saak van kerkvereniging 'n prosesmatige karakter het. Daarom moet saam gesoek word na 'n belydenisgrondslag en struktuur waarbinne die deelnemende kerke hulle tuis kan voel. Die sake genoem in die beskrywingspunt kan moontlik as voorbeelde gebruik word.
4. Die Algemene Sinode verleen volmag aan die ASK om die proses van kerkvereniging verder te begelei.
5. Die ASK (Moderamen) word versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid dat kerkvergaderings wat gereed is daarvoor gesamentlike vergaderings kan vorm wat reeds in die interim deel vorm van meer kerkverbande. Die ASK (Moderamen) word versoek om, indien die saak onder andere kerkordelik in orde is, die groen lig te gee aan kerkvergaderings wat dié pad wil volg.

1.9.6 Modelle (571: 1.3.6) - die Algemene Sinode versoek die ASK om op 'n kreatiewe manier na verskillende modelle van kerkvereniging te kyk.

1.9.7 Inspraak van kerkrade (571: 1.3.8)

1. Die Algemene Sinode besluit dat die vorming van een kerkverband in die NG Kerk-familie eers kan plaasvind na 'n proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met kerkrade, wat daarop gemik is om die groots moontlike konsensus in die NG Kerk te bevorder.

2. Indien konsensus nie bereik word nie, word die inspraak van kerkrade soos volg gereël:

2.1 Individuele kerkrade keur die vorming met 'n tweederdemeerderheid goed.

2.2 Tweederdes van alle kerkrade in die NG Kerk moet hierdie tweederdemeerderheid verkry.

1.9.8 Kontak/Skakeling (571: 1.3.7)

1. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om steeds moeite te doen om nader kontak te bewerkstellig met ander gemeentes van die NG Kerkfamilie.

2. Die Algemene Sinode versoek weereens die gemeentes om op plaaslike vlak te skakel met plaaslike gemeentes van VGKSA, NGKA en RCA oor samewerkings - en toenaderingsgeleenthede.

1.9.9 Kombinasie van werksaamhede (578: 1.5.1) - die Algemene Sinode keur B.16.5 goed as riglyn vir 'n kombinasie van werksaamhede uit verskillende kerkverbande en beveel die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van gemeentes op bls 280 - 284 van die Agenda aan as 'n voorbeeld.

1.9.10 Samewerkingsprojekte (571) - die Algemene Sinode doen 'n beroep op alle gemeentes en kerkvergaderinge om doelgerig te werk aan direkte samewerkingsprojekte met gemeentes en kerkvergaderinge van die VGK, NGKA en RCA as werkswyse. Dit kan dadelik hoogs produktief wees vir die koninkryk en sal die ideaal van kerkeenheid dien en realities maak.

1.9.11 Leiding aan gemeentes (571) - die ASK stel 'n werkstuk op om aan plaaslike gemeentes wenke en leiding te gee oor die wyse waarop hulle die aksies hierbo kan hanteer en bevorder.

1.9.12 "Sodat ons een kan wees III" (571) - verwys na taakspan: Dat die Taakspan binne redelike tyd "Sodat ons een kan wees III" sal sirkuleer deur publikasie in die Kerkbode om lidmate in te lig rondom die proses van kerkvereniging en die voorgenome konvent.

1.9.13 Kerklike pensioenfondse en kerkeenheid (541: 3) - vir aandag van die ASK (sien A.7.2 pt 3).

1.9.14 Vereistes vir oor-en-weer beroepbaarheid (567: 2.3.4) - die Algemene Sinode stel die volgende vereistes vir die beroep van 'n leraar of proponent uit die NGKA, VGKSA en RCA:

1. Die NG Kerk erken die opleiding en legitimasie van die NGKA, VGKSA en RCA op voorwaarde dat dit voldoen aan die vereistes wat die NG Kerk stel vir sy eie opleiding en legitimasie.

2. Indien die opleiding van 'n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie gelykwaardig is aan die vereistes wat die NG Kerk vir sy eie gelegitimeerdes stel nie, is so 'n persoon nie sonder meer beroepbaar in die NG Kerk nie.

3. Voldoen 'n gelegitimeerde van die NGKA, VGKSA en RCA nie aan die vereistes wat die NG Kerk vir gelegitimeerdes stel nie, sal sodanige persoon die nodige aanvullende kwalifikasies moet verkry ten einde beroep te kan word na 'n NG Gemeente of benoem te kan word in 'n pos in die NG Kerkverband.

4. Die Algemene Sinode het aan ringe opdrag gegee om toe te sien dat by die goedkeuring van beroepe uit die NG Kerkfamilie daar aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding, legitimasie en beroepbaarheid in die NG Kerk voldoen word. In terme van die nuutste *Kerkorde* (1998) keur die ring nie meer beroepe goed nie, maar kontroleer of daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (Art 8.1.2).

5. Die Drie Formuliere van Eenheid moet as belydenisgrondslag van die NG Kerk aanvaar word alvorens predikante van die Familie van NG Kerke in 'n gemeente van die NG Kerk bevestig kan word.

6. Sien ook Beroepbaarheid binne NG Kerkfamilie (14.11)

1.10 KONINKRYKSJAAR (568: 3.7.2) - die geestelike en morele agteruitgang in ons samelewing toon dat daar 'n baie ernstige behoefte bestaan dat God se koningskap 'n veel sterker greep op ons totale Suider-Afrikaanse samelewing sal kry. In die lig hiervan besluit die Algemene Sinode

1. dat alle Suider-Afrikaanse kerke genader sal word met die oog op die moontlikheid om 'n geskikte jaar, bv 2005, as koninkryksjaar te beplan en te verklaar;

2. dat hierdie 'n eenheidsaksie van die kerk van Christus in Suider-Afrika behoort te wees;

3. dat, wat die Ned Geref Kerk betref, 'n geskikte projekkomitee aangewys sal word om hierdie saak verder te voer, met rapport aan die ASK.

1.11 MODERATORSKONFERENSIE (570: 7.3.4.2) - die Algemene Sinode spreek hom uit ten gunste van die voortsetting van so 'n jaarlikse moderatorskonferensie.

1.12 NG KERKSEEL (568: 3.5.2) - die Algemene Sinode bevestig die volgende as sy standpunt tov die NG Kerkseel: Die kerkseel is die eiendom van die Algemene Sinode; dit is 'n seel van "amptelikheid" en is beperk tot die Algemene Sinode se werksaamhede; persone/instansies kan die seel slegs gebruik met die verloop van die ASK; hulle moet skriftelik daarvoor aansoek doen.

1.13 NUWE HERVORMING (577: A.16.9) - verwys verslag (A.16.9) en amendemente na ASK vir afhandeling.

1.14 OWERHEID

1.14.1 Brief aan President Mbeki (577: A.16.8) - verwys verslag (A.16.8) en amendemente na ASK vir afhandeling.

1.14.2 Parlementêre Lessenaar – sien Fondse

1.15 SINODALE GRENSE (570: 7.4.2.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om ondersoek te doen na die sinvolheid van die bestaande sinodale grense.

1.16 UITSPRAKE DEUR TEOLOË (577: 1.4)

1. Die Algemene Sinode van die NG Kerk herbevestig hiermee sy verbondenheid aan die Woord van God en die klassieke belydenisskrifte.
2. Die Algemene Sinode wil lidmate verseker dat hulle geloof vir die Sinode kosbaar is en dat die sinode begrip het vir hulle reaksie op openbare uitsprake en debatte. Lidmate word daaraan herinner dat ons geloof gebaseer is op die genadige verkiesing van God wat die Begin en die Voleinder van ons geloof is soos verwoord in die Skrif en ons belydenisskrifte.
3. Die Algemene Sinode wys daarop dat terwyl ons vrymoedig in ons getuienis oor ons geloof kan wees, ons maar net ten dele oor God en Sy Woord kan praat. Ons het God nie in ons greep nie en ons het ook nie klaar gedink oor die Skrif en ons geloofsinhoud nie. Ons worstel saam om te probeer om die wonder van sy bemoënis met ons te verwoord en te verkondig.
4. Die Algemene Sinode is oortuig dat kerkvergaderings en lidmate die verantwoordelikheid het om (sonder om mekaar te verontrus) voortdurend saam te praat oor die sake wat deur middel van openbare debatte en uitsprake op die kerk se tafel kom, en dat hulle 'n verantwoordelikheid het vir hulle teologiese en geloofstoe-rusting in die verband. Ons as Kerk se toerusting, besinning en omgang met die sake ter tafel moet so wees dat ons opnuut van hieruit geïnspireer word om die evangelie van vreugde en hoop konkrete gestalte in ons samelewing te laat kry in die manier waarop ons optree.
5. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om op deurlopende wyse by die openbare gesprek betrokke te wees omdat die NG Kerk met haar ryk teologiese tradisie verantwoordelikheid het om haarself nie te isoleer van die debatte nie.
6. Die Algemene Sinode herinner gelegitimeerdes van die NG Kerk aan hulle verbondenheid aan en verantwoordelikheid teenoor die geloofsgemeenskap in die manier waarop hulle teologie bedryf.
7. Die Algemene Sinode wys kerkrade daarop dat die opsig oor die leer en lewe van gelegitimeerdes wat lidmate is, hulle verantwoordelikheid is.

1.17 VERKLARING ROEPING NG KERK (584: C.21.2)

Tydens die vergadering van die Algemene Sinode het ons as afgevaardigdes al hoe meer oortuig geraak van die liefde van Christus en daarom ook van die NGK se roeping en plek in Suider-Afrika.

Daarom:

- (a) verbind ons ons opnuut aan die Here wat ons Kerk 350 jaar gelede hier geplaas het. Ons dank Hom vir die voorreg om ook nou nog deel van sy kerk te kan wees. Ons is daarvan oortuig dat net die evangelie van Christus ons op 'n pad van heil kan plaas. Daarom wil ons as Kerk die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig en orals getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.
- (b) verbind ons ons opnuut tot ons kontinent, in die besonder Suider- Afrika. Die tragiese verhale van die allerverskriklike vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die konsekwensies van die vigs-pandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as Kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap
- (c) verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons Kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en met alle ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig.
- (d) roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toegewydheid van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as "sout vir die aarde" en "lig vir die wêreld" God se Koninkryk wil laat kom.

Ons het 'n Here. Ons is hier. Ons is Sy kerk.

Aan God al die eer.

1.18 VISIONÊRE SPAN (578) - die Algemene Sinode besluit om, in die lig van ons bewuswording van ons roeping en plek in Suider-Afrika, die ASK te versoek om 'n taakspan saam te stel (verkieslik uit al die streek-sinodes) met die volgende opdrag:

1. Om 'n strategie te ontwikkel wat kommunikasie tussen die Algemene Sinode, streeksinodes, ringe, en

gemeentes sodanig bevorder dat groter eienaarskap van ons roeping gevestig kan word.

2. Om voorstelle te ontwikkel ten opsigte van die vergaderstyl van die Algemene Sinode sodat roepingsaan-geleenthede en roepingsvrae groter prioriteit kan geniet en in 'n deelnemende styl hanteer kan word.

3. Om te kyk hoe daar uit ons roepingsbesef beter koördinerende en kommunikasie ontwikkel kan word tussen kommissies en bediening van die Algemene Sinode.

1.19 WOORD-IN-AKSIE (569: 6.5.3)

1. Die Algemene Sinode gee aan die ASK opdrag om die gesprek met WIA voort te sit.

2. Die Algemene Sinode besluit dat alle onderhandelinge tussen verteenwoordigers van die NG Kerk en WIA met die medewete van die ad hoc-kommissie en die direksie van WIA geskied.

3. Die Algemene Sinode besluit dat bestaande dokumentasie waarin WIA soms veroordeel word, nie verder versprei word alvorens die amptelike verslag van die ASK afgehandel is nie.

4. Die Algemene Sinode wys kerkrade en lidmate daarop dat die WIA 'n buitekerklike aksie is wat nie aan die Kerk verantwoordbaar is nie en dat lidmate hulle aan die leiding en opsig van die Kerk moet onderwerp en daarteen waak dat betrokkenheid by die WIA en WIA-kampe konflik in eie gemeentes skep.

1.20 ZIMBABWE

1.20.1 Hulp (574) - sien ook Fondse

1. Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die ernstige gevolge wat die verslegtende ekonomiese klimaat in Zimbabwe en die uitgebreide plaasbesettings en -onteenings vir die voortbestaan van gemeentes het. 2. Die Algemene Sinode verstaan dat die voortgesette gemeentelike bediening in Zimbabwe afhanklik is van finansiële ondersteuning vanuit Suid-Afrika en versoek sinodes om aansoeke om hulp simpatiek te oorweeg. 3. Die Algemene Sinode oordeel dat dit wenslik is dat sulke aansoeke en gevolglike hulpaanbiedinge gekoördineer word.

1.20.2 Voorbidding (575)

1. Die Algemene Sinode spreek sy teleurstelling en kommer uit oor die negatiewe impak op ekonomiese produksie, voedselvoorsiening, werkgeleenthede, maatskaplike welstand en evangeliebediening wat deur onoordeelkundige en selfs onmenslike metodes van grondonteening in Zimbabwe veroorsaak word.

2. Die Algemene Sinode verseker die lidmate en alle lydendes wat hulle as gevolg daarvan in trauma en onsekerheid bevind van begrip en ondersteuning op alle moontlike praktiese maniere.

3. Die Algemene Sinode roep opnuut alle lidmate op tot ernstige en volgehoue voorbidding vir Zimbabwe en die lidmate daar.

1.20.3 Voortbestaan Sinode van Midde-Afrika (574) - die Algemene Sinode neem kennis dat die Sinode van Midde-Afrika moontlik nie as sinode sal kan voortbestaan nie. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om in die lig van Artikels 32-37 van die Kerkorde 1998 en voorleggings deur die Sinode van Midde-Afrika na onderhandeling met ander moontlike betrokkenes (bv Sinode van Noord Transvaal. Algemene Kommissie vir Buitelandse Bediening) die voortgesette inskakeling van Midde-Afrika as agendapunt op te neem, met volmag om dit af te handel indien moontlik.

1.20.4 Waardering (574: 2.1.1) - die afvaardiging van die Sinode van Midde-Afrika bedank namens die gemeentes, lidmate en leraars van die NG Kerk in Zimbabwe en ander inwoners elkeen wat ons in moeilike tye op 'n besondere wyse ondersteun en wie se geestelike, morele en materiële bystand vir ons baie beteken. Dit sluit in sinodes, ringe, kommissies, gemeentes en lidmate vir voorbidding, belangstelling en bydraes van medisyne, kos, klere, meubels en geld, beide as gevolg van amptelike oproepe wat op en deur hulle gemaak is, asook op eie inisiatief.

2. ARGIEF EN INLIGTING

2.1 ARGIEFWETGEWING (531: 2.6.4) - die AKAI en ARK ondersoek en adviseer die ASK so gou moontlik oor die implikasies van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting en doen die nodige ten einde die Kerk binne die grense van die Wet te hou.

2.2 DOOP AAN KINDERHUISKIND (531: 2.5.4) - die volgende riglyne vir die inskrywing in die Register vir Dooplidmate van die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouer as 7 jaar word in die Argief- en Museumbeleid van die verskillende sinodes opgeneem, naamlik

1. Name van ouers: In alle gevalle word die *name van biologiese ouers* ingevul.

2. Opmerkingkolom: *AKR besluit (datum). KO Bepaling.....*

3. Die name van die lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsoopvoeding, en deur die Kerkraad aangewys is om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind ouers as 7 jaar, moet in die kerkraadsbesluit genoem word.

4. Indien so verkies kan die name van die *geestelike voogde* in die volgende twee reëls direk onder die name van die biologiese ouers aangeteken word.

5. Die KO-Bepaling moet in elke sinode met die SRK gekontroleer word.

2.3 ELEKTRONIESE BEWARING (531: 1.2.4)

1. Die praktyk om dokumente wat elektronies geskep is slegs elektronies te bewaar, word nie aanbeveel nie.
 2. Kommissies van die Algemene Sinode, sinodes, ringe, kerkrade, inrigtings en alle argiefskeppende instansies word versoek om, naas die elektroniese bewaring van dokumente, alle dokumentasie - notules en ander argivalia - in gedrukte vorm te bewaar en volgens die goedgekeurde riglyne vir bewaring (Agenda AS 1998:142) na die verskillende bewaarplekke oor te plaas.

2.4 ELEKTRONIESE OORPLASING (531: 2.1.3) - die Algemene Sinode besluit dat alle elektroniese oorplasing van lidmaatskap vergesel/bevestig moet word deur die oorspronklik-getekende dokument.

2.5 GEREKENARISEERDE INLIGTING (531: 1.3.2.4) - leraars, kommissies en gemeentes word aangemoedig om van die gerekenariseerde inligting (Bylae A.2.1 en beskikbaar by www.ngkerk.org.za) wat by die onderskeie argief- en inligtingsdienste beskikbaar is, gebruik te maak.

2.6 KONSOLIDERING ARGIVALIA (531: 2.3.4)

1. Daar word volstaan met die huidige reëling ten opsigte van die argief van die Algemene Sinode naamlik dat die versamelings dokumente in beide Pretoria en Kaapstad se argiewe bewaar word.
 2. Navraag oor die argiefversamelings kan by enige van die twee argiewe - in Kaapstad of Pretoria - gedoen word omdat albei oor die geïntegreerde indeks beskik, waarop elkeen van die versamelings met die betrokke standplaas aangedui word.
 3. Die kommissies van die Algemene Sinode lewer hul argivalia by dié argief (Kaapstad óf Pretoria) in wat die naaste is, met inagneming van waar die betrokke versameling tans bewaar word.
 4. Die skriba van die Algemene Sinode hou in sy kantoor 'n lewende versameling van die skriba (scriba synodi en ASK) van nié meer as twee (2) termyne nie. In die geval waar 'n nuwe skriba verkies word, oorhandig die uittredende skriba een termyn (jongste) se dokumentasie aan die nuwe skriba en een termyn (oudste) se dokumentasie aan die argief van die Algemene Sinode in Pretoria. Die skriba is verantwoordelik vir die behoorlike liassering/indeksering van die dokumente onder sy/haar sorg.

2.7 INLIGTING-AKTUEEL (532) - leraars word uitgenooi om in te teken op Inligting-Aktueel, waarin die Argief die dagblaaie opsom (ngkinlig@mweb.co.za).

2.8 IN MEMORIAM-VERSLAE (531: 2.8.4)

1. Elke argiefkantoor skakel aan die begin van elke kalenderjaar met die betrokke pensioenfondse van die sinode/s wat hulle bedien met die sterfteskennisgewings van die voorafgaande jaar.
 2. Die kantoor maak dan 'n lys van die sinodes waarin die oorledene gedien het.
 3. 'n Kopie van dié lys word dan voor 31 Januarie van elke jaar aan al die sinodes waar die persoon gewerk het se skriba (of persoon verantwoordelik vir die In Memoriam-verslag) gestuur.
 4. Hierdie prosedure word opgeneem in die Argief- en Museumbeleid van die onderskeie sinodes en weer-gegee in die "Riglyne en prosedures vir Saakgelastigdes".

2.9 NAVORSINGSGELD (531: 1.3.3.4) - weens die verskille in opset en aard van dienste wat aangebied word, volstaan die AKAI met die tariewe/gelde wat tans deur die onderskeie kerklike argiewe gehef word.

2.10 SENTRALISERING REGISTERS (531: 2.4.3) - die AKAI gaan voort met sy ondersoek ten opsigte van sentralisering van registers en doen verslag aan die ASK oor die alternatiewe (indirekte of direkte sentralisering) en die ASK handel die saak af.

2.11 STAATSWETGEWING EN BEWARING (570: 8.10.4.3) - die Algemene Sinode maak dit aan die kerkverband bekend dat kerkvergaderings op grond van die aard en karakter van die Kerk en die besluite wat die Kerk al in dié verband geneem het, die verantwoordelikheid het om besluite van die Algemene Sinode oor die bewaring en beskikbaarstelling van kerklike rekords/ dokumente as voorskriftelike besluite uit te voer.

3. DIENS VAN BARMHARTIGHEID**3.1 ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK (533: 3.1.2)**

3.1.1 Skerp toename - die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die skerp toename in alkohol- en veral dwelmmisbruik en versoek gemeentes om met hierdie vernietigende verskynsel erns te maak en om veral ons jongmense deurlopend van hierdie gevaar bewus te maak.

3.1.2 Behandelingsprogramme - die Algemene Sinode versoek kerkrade om finansiële steun te voorsien aan behoeftige lidmate wat behandeling vir dwelm- en alkoholafhanklikheid nodig het. Gemeentes word versoek om in samewerking met behandelingsentra gemeenskapsgebaseerde behandelingsprogramme in gemeenskappe te vestig.

3.1.3 Christelike Afhanklikheidsdiens – die Algemene Sinode herbevestig die feit dat die CAD die organisasie is waardeur die NG Kerk betrokke wil wees by die instandhouding van nugterheid en die voorko-

ming van verslawing in Suid-Afrika en bid die CAD die seën van die Here toe op sy pogings om hierdie programme te implementeer. Die Algemene Sinode moedig sinodes en SKDB's aan om waar hulle ook al kan, met hierdie inisiatiewe behulpsaam te wees.

3.2 ARMOEDEBEKAMPING (533: 3.2.2)

3.2.1 Die kerk en die armoedeprobleem - die Nederduitse Gereformeerde Kerk is diep onder die indruk van die ernstige omvang van armoede in Suider-Afrika en verklaar dat die kerk hom na die voorbeeld van Christus identifiseer met die nood van die armes en hulle wat in die lewe uitgesak het.

3.2.2 Kerk se medeverantwoordelikheid om armoede te hanteer – die NG Kerk beskou armoede as 'n prioriteitsaangeleentheid en aanvaar medeverantwoordelikheid saam met ander rolspelers vir die soeke na oplossings vir die armoedeprobleem in Suider-Afrika.

3.2.3 Impak van armoede op lidmate – die Algemene Sinode wil lidmate van die Kerk in die besonder van sy innige meelewing in hierdie tyd van ekonomiese insinking verseker. Die NG Kerk is diep besorg oor die impak van werkloosheid, regstellende aksie, korrupsie en die groterwordende skuldmas waarunder mense in Suider-Afrika gebuk gaan, op sy lidmate en alle mense.

3.2.4 Mense sonder werk – die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die jongmense in die land vir wie dit al moeiliker word om werk te kry en verseker hulle dat die AKDB hierdie probleem hoog op sy agenda plaas in sy onderhandeling met die owerheid.

3.2.5 Kerk se betrokkenheid by armoedevraagstuk - die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en gemeentes van die NG Kerk om daadwerklik die Here se opdrag te gehoorsaam deur konkreet betrokke te raak en inisiatiewe te neem om die probleem van armoede in elke plaaslike gemeenskap aan te pak.

3.2.6 Armoedeverligtingsprogramme en vaardigheidsontwikkeling – die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om by armoedeverligtingsprogramme en die vaardigheidsontwikkelingsprosesse in die land betrokke te raak.

3.2.7 Werkskepping – die Algemene Sinode is oortuig dat die land se ekonomiese beleid strategieë moet ontsluit wat tot werkskepping sal lei, sodat alle mense binne die ekonomiese stelsel ingesluit sal wees.

3.2.8 Regstellende aksie – die Algemene Sinode versoek die regering van Suid-Afrika om 'n tydsraam met betrekking tot regstellende aksie vas te stel, sodat baie mense in ons land kan moed skep in die wete dat hulle nie vir altyd aan die rand van die arbeidsmark sal staan nie.

3.3 BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

3.3.1 Bestaande dienste (532: 2.1.2) - die Algemene Sinode doen 'n dringende beroep op sinodes, ringe en gemeentes om in biddende afhanklikheid van die Here bestaande dienste optimaal te ontwikkel en te omvorm sodat die kerk ook aandag kan skenk aan nuwe maatskaplike vraagstukke, waar moontlik in samewerking met ander kerke, ten einde duplisering te voorkom.

3.3.2 Finansiële ondersteuning barmhartigheids-dienste (533: 2.2.2.4) - die Algemene Sinodes versoek sinodes, ringe en gemeentes om bewus te wees van die finansiële druk op die kerk se barmhartigheids-dienste en hierdie dienste geldelik ruimer te ondersteun.

3.3.3 Evaluering barmhartigheidsdienste (533: 2.5.3) - die Algemene Sinode versoek gemeentes, ringe en sinodes om deurlopend met die Bybelse uitgangspunte en Gereformeerde teologie rekening te hou in die evaluering van die kerk se barmhartigheidsbediening.

3.4 GEMEENTEDIAKONAAT (533: 2.5.2) - die Algemene Sinode beklemtoon die belangrikheid van die gemeentediakonaat as 'n praktiese wyse waarop die kerk sy bewoënhed ten opsigte van die mens in nood demonstreer.

3.5 GESTREMDHEID

3.5.1 Skakeling gestremdhede (534: 3.5.1.4) - die Algemene Sinode verwys die noodsaaklikheid van skakeling tussen kerklike instansies wat met persone met gestremdhede werk, na die onderskeie sinodes.

3.5.2 Persone met gestremdhede (534: 3.5.3.2)

1. Die Algemene Sinode spreek sy steun uit vir die beginsel dat persone met gestremdhede 'n integrale deel van die gemeenskap uitmaak.
2. Die Algemene Sinode versoek owerhede om voort te gaan om gespesialiseerde dienste aan persone met gestremdhede finansiëel te ondersteun.
3. Die Algemene Sinode versoek argitekthe, stads- en streekbeplanners om met groot noulettendheid toe te sien dat geboue en terreine vir persone met gestremdhede maksimaal toeganklik is.
4. Die Algemene Sinode versoek kerkrade om toe te sien dat kerkgeboue toeganklik is vir persone met gestremdhede.

3.6 GEVANGENES

3.6.1 Geestelike versorging van gevangenes (534: 3.7.1.2) - die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en gemeentes om in die lig van die riglyne vir gevangenisorgaan aan gevangenes, met groot erns beskikbaar te wees vir die geestelike versorging van gevangenes.

3.6.2 Departement Korrektiewe Dienste (535: 2.2)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die besware van die Direkteur: Godsdiensorg van die Departement Korrektiewe Dienste en die AKDB se respons daarop.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKDB om alles in sy vermoë te doen om die kommunikasielyste met die Departement Korrektiewe Dienste weer te herstel.
3. Die Algemene Sinode verklaar dat die amptelike kanaal waardeur die Departement van Korrektiewe Dienste op Nasionale vlak met die NG Kerk oor Godsdiensorg aan die gevangenis kommunikeer, die Algemene Kommissie van die Diens van Barmhartigheid is en die sub-kommissie vir Kapelaansdienste in die geval van kapelane.

3.7 HUGENOTE KOLLEGE

3.7.1 Opleiding Hugenote Kollege (544: 2.3.10.2) - die Algemene Sinode versoek leraars en gemeentes, kerklike kommissies en instansies om van die Hugenote Kollege se graad-, diploma- en sertifikaatopleiding kennis te neem; om dit pertinent onder die aandag van jongmense te bring en studie by die Hugenote Kollege aan te beveel; en die indiensneming van afgestudeerdes van die Hugenote Kollege daadwerklik te ondersteun.

3.7.2 Geldelike bystand (544: 2.7.5.2) - die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op sinodes en kerklike instansies om met hulle steun aan fondsinsamelingspogings van die Hugenote Kollege voort te gaan.

3.8 KINDERS (534: 3.6.2.2 en 3.6.3.2)

3.8.1 Kindermishandeling - die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die toename in kindermishandeling in Suid-Afrika. Die kerk se maatskaplike werkers word bedank vir die moeite wat gemaak word om hierdie kinders te identifiseer en na plekke van veiligheid te verwyder.

3.8.2 Verhoorafwagtende kinders – die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om die aanhouding van verhoorafwagtende kinders in polisieelle en gevangenis se sover moontlik te voorkom en plekke van veiligheid vir hierdie kinders te voorsien.

3.9 LIEFDESLEWE

3.9.1 Bybelse norme (534: 3.4.2.4) - die Algemene Sinode herbevestig sy standpunt 1990 naamlik dat in die lig van die dreigende pandemie, begrip bestaan vir programme om voorbehoedmiddels bekend te stel aan mense wat nie nougeset volgens die norme van God se Woord lewe nie, maar doen 'n beroep op instansies om, tesame met die aanbeveling van voorbehoedmiddels, ook die Bybelse norme vir die liefdeslewe duidelik uit te spel. (Kyk Handelinge 1990 p 557 par 5.9.5.3.4)

3.9.2 Seks buite die huwelik (534: 3.4.2.3) - die Algemene Sinode stel dit opnuut as sy standpunt dat seks buite die huwelik nie die Here se wil is nie en doen 'n beroep op sy lidmate om 'n heilige lewenswandel in die verband na te streef.

3.10 MIV / VIGS

3.10.1 Vigsaksies op gemeentevlak (534: 3.4.2.2) - die Algemene Sinode versoek gemeentes om vigsbestrydings-aksies op gemeentevlak te begin ontwikkel ten einde veral betrokke te raak by die tuisversorging van terminale vigs pasiënte.

3.10.2 Standpunt MIV en Vigs (534: 1.2.4) - die Algemene Sinode onderskryf die volgende verklaring as die standpunt van die NG Kerk ten opsigte van MIV en VIGS:

VERKLARING EN VERBINTENIS VAN DIE NG KERK IN VERBAND MET MIV EN VIGS

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 14 Oktober 1998, tydens die sitting van sy Algemene Sinode reeds sy verbintenis tot die stryd teen MIV en vigs verwoord.

Die volgende verklaring is 'n herbevestiging en uitbreiding van hierdie verbintenis.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid op die MIV en vigssterrein op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul:

1. Ons erken en bely:

- * dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
- * dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV/vigs pandemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
- * dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor MIV geïnfekteerdes en geaffekteerdes utoeleef nie;
- * dat van ons NG lidmate ook met MIV en vigs leef.

2. Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met MIV en vigs leef, geïnfekteerdes sowel as geaffekteerdes. Ons wil dit doen deur:

- * ons toe te lê daarop om begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat;
- * 'n boodskap van hoop en omgee aan lidmate wat met MIV en vigs leef, oor te dra;
- * ons te beywer om mites verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek en voorspraak te doen vir almal wat as gevolg van MIV en vigs ly;
- * ons gemeentes plekke te maak waar mense wat deur MIV en vigs geïnfekteerd of geaffekteerd is, welkom

en geborge sal voel;

* ons wil diensbaar wees deur die omvattende nood in Suiderlike Afrika te verlig;

Ons wil dit doen deur programme en projekte, binne en buite ons gemeentegrense te help ontwikkel, te implimenteer en te ondersteun, wat onder ander sal insluit:

* versorging en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, onder ander ook deur gemeenskapsorgmodelle;

* emosionele en geestelike begeleiding van geïnfekteerdes en geaffekteerdes, onder andere deur ondersteuningsgroepe;

* fisiese versorging van mense wat met MIV en vigs leef, onder andere deur tuis- en gemeenskapsorg;

* inligting en opvoedingsprogramme wat mense wat met MIV en vigs leef, sal help om langer gesond te kan bly, asook om die fisiese en emosionele pyn te verlig;

* werkskeppingsprojekte.

3. Bogenoemde impliseer ook die beskikbaarstelling van kennis, mannekrag en fasiliteite tot ons beskikking.

4. Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:

* roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;

* roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van seksopvoeding van hulle kinders na te kom;

* roep ons kinders, jongmense en volwasse individue op om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as Christene te vermy.

5. Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om:

* die gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels te versterk;

* armoede, geweld teen vroue en kinders, asook dwelmmisbruik te bekamp;

* korrekte en volledige inligting oor MIV en vigs beskikbaar te stel;

* vrywillige toetsing vir MIV veral ook onder ons lidmate, aan te moedig;

* ons wil alles doen om die boodskap van seksuele onthouding voor die huwelik ondubbelsinnig oor te dra en om die implikasies van ander beskermingsmaatreëls te verduidelik.

* aktief daaraan te werk om die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en vigs teen te werk.

6. Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met relevante rolspelers soek, aanmoedig en waar nodig kerklike strukture te skep om samewerking te bevorder.

7. Ons bedee is dat God Drie-enig ons as NG Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuie van die Evangelie ons verantwoordelikheid en roeping tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy Koninkryk na te kom.

3.10.3 Vestiging van Vigsforum (534: 1.2) - die Algemene Sinode besluit om die aanbevelings te verwys na die AKDB met die versoek om met Hugenote Kollege en ander rolspelers oorleg te pleeg met die oog op goeie samewerking en voorkoming van onnodige oorvleueling

3.10.4 Christen-Vigsburo (544) - sinodes, ringe, en gemeentes word versoek om die werksaamhede van die Vigsburo te ondersteun en van die dienste van die Buro gebruik te maak.

3.11 NASIONALE KERKLIKE MAATSKAPLIKEDIENSTERAAD (534: 5.2.2) - die Algemene Sinode vereenselwig hom met die daarstelling van die Nasionale Kerklike Maatskaplikediensteraad, sy samestelling en funksionering soos in die konstitusie bepaal word.

3.12 NETWERKE (534: 4.3) - die Algemene Sinode versoek die AKDB om by alle relevante netwerke betrokke te bly, ter wille van effektiewe skakeling en met die oog op bedinging vir die maatskaplike dienste van die NG Kerk.

3.13 OUER PERSONE SE FINANSIËLE DILEMMA (533: 3.3.2)

1. Die Algemene Sinode bring die finansiële dilemma van ouer persone onder die aandag van gemeentes. Gemeentes moet bedag wees op die langer lewensverwagting van ouer persone, krimpemde pensioene, die invloed van inflasie en wisselende renteverdiensies op beleggings. Hierdie faktore veroorsaak dat ouer persone stelselmatig sò verarm dat hulle die helpende hand van gemeentes mag benodig.

2. Die Algemene Sinode versoek kinders van ouer persone om nie op onverantwoordelike wyse finansiële steun aan hulle ouers te weerhou of om op 'n onverantwoordelike wyse finansiële druk op hulle ouers te plaas nie.

3.14 VERANDERINGE IN DIE LAND (533: 2.5.1) - die Algemene Sinode versoek gemeentes, ringe en sinodes om in die lig van die Skrif deurlopend rekening te hou met die demografiese, ekonomiese en moraliteitsveranderinge waardeur die land gaan en om te verseker dat hierdie veranderinge deurlopend in die kerk se barmhartighedsbediening verdiskonteer word.

3.15 VERHOUDING MET STAAT

3.15.1 Unieke karakter van die kerk (532: 2.2.2.1) - die Algemene Sinode versoek die staat om in die toe-

passing van sy voorskrifte en wetgewing rekening te hou met die unieke karakter van die kerk as gemeenskap van gelowiges. Die kerk kan nie in strukture gedwing word waar dit vir hom onmoontlik is om as kerk te funksioneer nie.

3.15.2 Kerklike diensleweringorganisasies (532: 2.2.2.2) - die Algemene Sinode versoek die staat om nie die rol van kerklike diensleweringorganisasies oor te neem nie, maar eerder met hierdie organisasies saam te werk deur 'n doeltreffende raamwerk vir wetgewing en beleid asook doeltreffende finansiële ondersteuning daar te stel.

3.15.3 Maatskaplike vraagstukke (532: 2.2.2.3) - die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die staat nie maatskaplike vraagstukke net met steeds groeiende staatstoelaes kan hanteer nie. Náas staatstoelaes moet maatskaplike ontwikkeling bevorder word. In dié verband is generiese maatskaplike - dienste 'n onvervangbare komponent in die hantering van maatskaplike probleme.

4. DIENSVERHOUDINGE

4.1 APPÈLLIGGAME (536: 7.3) - die Algemene Sinode neem kennis dat appèlliggame van ringe en sinodes wel aanspreeklik kan wees vir kostes as repondente in sake waarvan sulke liggame die appèl hanteer het.

4.2 ARBEIDSWETGEWING (536: 2.3.4) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKDV op om hom steeds op hoogte te hou van die Arbeids- en aanverwante wetgewing van die land en die Algemene Sinode met voorstelle te dien wat ter sake kan wees vir die Kerk se eie Diensverhoudingsbeleid.

4.3 BESTUURSGIDS (536: 5.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKDV om die Bestuursgids te hersien.

4.4 DIENSVERHOUDINGSBELEID (536: 2.3.5) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKDV op om voortdurend te kyk na die Kerk se diensverhoudingsbeleid met die oog daarop om steeds te beoordeel of dit billik en regverdig is en indien nodig die Algemene Sinode met voorstelle te dien.

4.5 POSEVALUASIE (536: 13.1.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKDV op om die formaat vir 'n vergoedingsondersoek (posgradering en 'n loon- en salarisopname) op te stel. Die AKDV moet dit dan aan sinodes beskikbaar stel sodat sinodes dit in werking kan stel.

4.6 PRESTASIEBESTUUR (536: 13.2.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKDV op om riglyne vir prestasiebestuur op te stel en dit in die hersiening van die Bestuursgids op te neem.

5. EKUMENE

5.1 ANGOLA (571: 3.4.2) - die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die hulp wat die SARK aan die kerke in Angola verleen.

5.2 BOTSWANA (571: 3.6.3) - die Algemene Sinode is dankbaar dat die DRCB die NG Kerk se lidmate in Botswana akkommodeer.

5.3 BYBELSONDAG (578) - die Sinode versoek die kommissie vir Ekumeniese Sake om in hul skakeling met ander kerke in SA die gedagte van 'n landswye Bybelsondag te opper.

5.4 CHRISTIAN REFORMED CHURCHES OF AUSTRALIA (572: 3.8.4)

1. Die Algemene Sinode bevestig dat die NG Kerk die CRCA beskou as 'n kerk met wie die NG Kerk in *volle betrekkinge* staan.

2. Die Algemene Sinode betuig sy waardering teenoor predikante, lidmate en gemeentes van die CRCA vir die ondersteuning wat hulle aan emigrante uit Suid-Afrika bied. Die NG Kerk is dankbaar vir die pastorale versorging van talle huisgesinne en vertrou dat elke lidmaat aldaar 'n bate sal wees vir kerk en Koninkryk

5.5 CHRISTIAN REFORMED CHURCH OF NORTH AMERICA (572: 3.9.5)

1. In die lig van die besluit van die CRCNA (13 Junie 2001) besluit die NG Kerk dat die CRCNA 'n kerk is met wie ons in *volle betrekkinge* staan.

2. Die Algemene Sinode is dankbaar dat die ekumeniese bande met die CRCNA herstel is en moedig lidmate wat na Amerika en Kanada emigreer aan om by die CRCNA in te skakel.

5.6 EKUMENIESE BETREKKING (571: 2.6.5) - die Algemene Sinode aanvaar die beleid ten opsigte van ekumeniese betrekkinge met ander kerke en kerklike organisasies en bevestig dit as die stand van sake in

Oktober 2002.

5.7 FEDERALE RAAD (572: 3.15.4) - die Algemene Sinode versoek die Federale Raad om steeds weë en middele te soek om verteenwoordigers van die familie minstens elke twee jaar byeen te kry.

5.8 FRANCISTOWN (572) - die Algemene Sinode is dankbaar dat lidmate van die NG Kerk ook in die gemeente Francistown 'n geestelike tuiste kan vind.

5.9 KONFERENSIE VAN CHRISTENLEIERS (571: 3.1.2) - die Algemene Sinode besluit om die Konferensie van Christenleiers in Suid-Afrika (2003) te steun aangesien die bevordering van morele waardes daardeur gedien kan word.

5.10 MOSAMBIEK (572: 3.23.2) - die Algemene Sinode moedig lidmate aan wat tydelik in Mosambiek woon en werk en binne bereik is van die Afrikaanse wyk van die IRM, om daarby in te skakel en om sodoende deur woord en daad by te dra tot die opbou van die gemeente en die Koninkryk.

5.11 PRESBYTERIAN CHURCH USA (572: 3.24.2)

1. Die Algemene Sinode besluit om ekumeniese bande met die PCUSA te verstewig.
2. Die Algemene Sinode dra dit aan die Ekumeniese Kommissie op om in oorleg met PCUSA formele struktuur te gee aan die beroeping van NG Kerk-predikante na PCUSA.

5.12 REFORMED CHURCHES OF AMERICA (572: 3.25.2) - die Algemene Sinode besluit om met erns ekumeniese bande te verstewig met die RCA.

5.13 REFORMED CHURCH IN JAPAN (572: 3.26.2) - die Algemene Sinode besluit om amptelik *volle betrekkinge* met die RCJ aan te gaan.

5.14 REFORMED CHURCHES OF NEW ZEALAND (572: 3.27.3) - die Algemene Sinode versoek die RCNZ om 'n verkennende gesprek te voer in verband met die daarstelling van ekumeniese bande.

5.15 SAMEN-OP-WEG KERKEN (572: 3.30.2) - die Algemene Sinode besluit om voort te gaan met pogings om gesprek te voer en bande te verstewig met die SOW-kerke.

5.16 SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (572: 3.31.4) - die Algemene Sinode besluit om tydens die volgende driejaarlikse vergadering van die SARK om volle lidmaatskap aansoek te doen (tweederdemeerderheid).

5.17 TEASA (572: 3.34.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om aansluiting by TEASA te ondersoek en om na bevind van sake op te tree.

5.18 TUSSENKERKLIKE RAAD (568: 6.2.1.3) - die Algemene Sinode verklaar dat

1. kerkeenheid tussen die drie Afrikaanse susterkerke oor dekades heen 'n sterk begeerte was;
2. by die NG Kerk daar met droefheid verneem word dat die ideaal van kerkeenheid tussen die drie Afrikaanse Susterkerke waarvoor die Tussenkerklike Kommissie aanvanklik tot stand gekom het, nie kon realiseer nie;
3. die NG Kerk in die toekoms steeds sal wil saamwerk om hierdie eenheid te help verweselik;
4. die NG Kerk die totstandkoming van die Tussenkerklike Raad as een van die instrumente sien om die ideaal van eenheid te verweselik en keur die reglement (grondslag) daarvan goed.

6. EREDIENS

6.1 EREDIENS

6.1.1 Handboek vir die Erediens (539: 3.1.4)

1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n hersiene uitgawe van die *Handboek vir die Erediens* vir publikasie voor te berei. Oorweging moet geskenk word aan die moontlikheid dat die publikasie in so 'n formaat beskikbaar gestel word dat nuwe materiaal voortdurend bygevoeg kan word (byvoorbeeld alternatiewe diensordes en formuliere).

2. Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende in die *Handboek vir die Erediens* opgeneem word:

2.1 Die basiese struktuur van die oggend- en die aanddiens (nie 'n volledige diensorde nie) met daarby 'n aanduiding van wat as vaste elemente en wat as wisselende elemente beskou word.

2.2 'n Kort beskrywing van die verskillende (vaste en wisselende) elemente van die erediens met 'n aanduiding hoedat elkeen in die erediens gebruik kan word.

2.3 Voorgestelde diensordes vir die volgende besondere dienste:

Bevestiging van ampsdraers

Doopdiens

Belydenis van geloof

Nagmaalsdiens

Huweliksdiens

Begrafnis- en verassingsdiens

2.4 Basisformuliere soos in die huidige *Handboek vir die Erediens* met moontlike alternatiewe – veral vir die bediening van die sakramente.

2.5 'n Erediensbesluiteregister (kernbesluite)

2.6 Die *Revised Common Lectionary* met moontlike aanvullende materiaal uit ander beskikbare leesroosters.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om te reël vir die hersiening van die huidige formuliere vir opname in die hersiene uitgawe van die *Handboek vir die Erediens*.

6.1.2 Besluiteregister (539: 3.2.3) - die Algemene Sinode keur die optrede van die AKE goed en besluit dat slegs die kernbesluite in 'n erediensbesluiteregister opgeneem word.

6.2 FORMULIERE

6.2.1 Algemene standpunt

 (538: 2.3.1.2)

1. Die Algemene Sinode bevestig dat nie-formalisme en nie-tradisionisme kenmerke van die egte gereformeerde liturgiese vormgewing is.

2. Die Algemene Sinode bevestig dat in die liturgiese formuliere die gereformeerde kerke en met name ook die NG Kerk 'n skat het wat oor die jare heen gegroei het tot 'n fyn afgeronde formulering van wat die Skrif leer en die kerk bely.

3. Die Algemene Sinode bevestig dat daar 'n verskil is in die gesag van die liturgiese formuliere enersyds en die Woord andersyds in dié sin dat die liturgiese formuliere en die belydenisskrifte veranderbare voertuie is waardeur die liturgiese inkleding van die erediens plaasvind.

4. SKE's word aangemoedig om voortdurend nuwe formuliere te skryf en te versamel en aan die AKE deur te gee vir evaluering. Die AKE stel voortdurend nuwe liturgiese tekste en formuliere beskikbaar.

6.2.2 Begrafnis (alternatief) (539: 2.3.10.1.2) - terugverwys na AKE.

6.2.3 Belydenis van geloof (verstandelik gestremde) (538: 2.3.3.3.2) - die Algemene Sinode keur die formulier vir openbare belydenis van geloof deur die verstandelik gestremde goed.

6.2.4 Belydenis van geloof (wysigings) (539: 2.3.5.2) - die Algemene Sinode keur die volgende herformulering in die bestaande formulier vir die openbare belydenis van geloof goed:

1. Skrap die volgende by die paragraaf oor "Daad van belydenis": "*en so toegang kry tot die Nagmaal*".

2. Vervang "artikels van die Christelike geloof" met "die belydenisskrifte van ons kerk."

6.2.5 Diakens (wysiging) (539:) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die formulier vir die bevestiging van diakens te wysig deur aan die einde van die 4de paragraaf die volgende by te voeg: "In die Bybel openbaar die Here 'n besorgdheid vir die welsyn van die vreemdelinge. Op dieselfde wyse moet die kerk omsien na die nood van buitekerklike mense. Diakens moet lidmate dus inspireer en toerus om nie net mekaar se laste te dra nie, maar ook die laste van buitekerklike mense wat in een of ander vorm van nood verkeer."

6.2.6 Doop by belydenis (verstandelik gestremde) (538: 2.3.3.2.2) - die Algemene Sinode keur die formulier vir die bediening van die doop aan die verstandelik gestremde volwassene by belydenisaflegging goed.

6.2.7 Doopformulier (wysigings) (538: 2.3.4.3) - die Algemene Sinode keur die volgende herformulerings in die bestaande doopformulier goed:

1. Daarom verbind die doop die ouers om hulle kinders soos hulle opgroei oor die betekenis en eise van die genadeverbond in te lig, 'n voorbeeld vir hulle te wees in die uitlewing daarvan, hulle op te roep tot die toeëiening van God se beloftes *en hulle tot deelname aan die Nagmaal te begelei*.

2. Vervang "artikels van die Christelike geloof" met "die belydenisskrifte van ons Kerk."

6.2.8 Engels(538) - die Algemene Sinode

1. erken die behoefte aan liturgiese formuliere in Engels ten einde die vestiging van nuwe bedieninge oor kulturele grense heen te fasiliteer;

2. neem kennis van bestaande vertalings wat deur die "Conference for multi-cultural and multi-lingual ministries of the DRC" gedoen is;

3. en versoek die AKE om die vertaling goed te keur en om verdere liturgiese ontwikkelinge se vertaling en publikasie te fasiliteer (MJN vd Merwe/JC Symington).

6.2.9 Huweliksformulier (539: 2.3.7.1.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die bestaande huweliksformulier te hersien, met spesifieke aandag ook aan die hertrou van egpare wat kinders uit vorige huwelik(e) het.

6.2.10 Huweliksformulier (Engels) (539: 2.3.7.2.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n eietydse Engelse huweliksformulier op te stel.

6.2.11 Kerkraadslede (bevestiging : alternatief) (539: 2.3.9.2) - die Algemene Sinode keur die alternatiewe formulier vir die bevestiging van kerkraadslede goed vir gebruik in die gemeentes.

6.2.12 Leraar en proponent (bevestiging: alternatief) (539: 2.3.8.2) - die Algemene Sinode keur die alter-

natiewe formulier vir die bevestiging van 'n leraar en proponent goed vir gebruik in die gemeentes.

6.2.13 Nagmaal (kindvriendelik) (539: 2.3.6.2)

1. Die Algemene Sinode keur die kindvriendelike Nagmaalsformulier goed.

2. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die kindvriendelike Nagmaalsformulier in Engels te laat vertaal vir gebruik deur Engelse gemeentes.

6.2.14 Nagmaal (verstandelik gestremde) (538: 2.3.3.4.2) - die Algemene Sinode keur die formulier vir die bediening van die Nagmaal aan die verstandelik gestremde goed.

6.2.15 Uitsendingsformulier (566: 6.3) - die Algemene Sinode keur die uitsendingsformulier vir sendelinge/personeel vir dienswerk in susterkerke dienswerkers goed en verwys dit na die Algemene Eredienskommissie vir verdere implementering.

6.3 GEBEDE

6.3.1 Gebede in die erediens (537: 2.2.2.3) - die Algemene Sinode keur die memorandum insake gebede in die erediens goed as riglyn vir die aandag van gemeentes.

6.3.2 Gebede vir eucharistie en liturgiese seisoene (537: 2.2.8.2) - die Algemene Sinode keur die voorgedrae gebede vir eucharistie en die liturgiese seisoene goed vir gebruik deur die gemeentes en gee opdrag aan die AKE om voort te gaan met die opstel van verdere gebede vir eucharistie en die basiese liturgiese seisoene.

6.4 GELOOF: HERBEVESTIGING (537: 2.2.3.3) - die Algemene Sinode keur die voorgestelde liturgie vir die herbevestiging van geloof as basisriglyn goed.

6.5 GELOOFSBELOFTEOFFERS (540) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKE op om 'n studie te maak oor die gebruik en funksie van die sogenaamde "geloofsbelofteoffer" in gemeentes.

6.6 HUWELIK

6.6.1 Huweliksdiens (538: 2.2.16.2) - die Algemene Sinode keur die riglyne ten opsigte van die huweliksdiens goed en laat dit aan die leraars en huwelikspare oor om dit sinvol na omstandighede in te rig.

6.6.2 Kerklike huweliksbevestiging (538) - die Algemene Sinode versoek die AKE om die volgende vergadering van die Algemene Sinode te dien met 'n kort verslag oor die betekenis van 'n kerklike huweliksbevestiging en oor die vereistes wat daar gestel word aan die predikant as kerklike huweliksbevestiger en die toesighoudende funksie van die ampte - indien enige - wanneer 'n huwelik in die kerk/nie in die kerk bevestig word nie.

6.7 KERKLIED

6.7.1 Amptelike Liedbundel (536: 2.1.1.3) - die Algemene Sinode bevestig sy besluit dat die nuwe *Liedboek van die Kerk* die amptelike liedbundel van die NG Kerk is en doen 'n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te benut.

6.7.2 Elke lidmaat 'n eie Liedboek (572: 7.6.2) - die Algemene Sinode doen 'n beroep op leraars, gemeentes en lidmate om maatreëls te tref om te verseker dat elke lidmaat 'n eie Liedboek besit sodat die sing van liedere ook tot sy reg kan kom by huisgodsdienste en kleiner byeenkomste en sodat die Liedboek as gebedeboek by stiltetyd gebruik kan word.

6.7.3 Engelstalige liedere in Liedbundel (537: 2.1.5.1) - die Algemene Sinode versoek die AKE om sover moontlik - hangende kopiereg - benewens die twintigtal Engelse tekste wat opgeneem is in "Die Liedboek van die Kerk", ook al die ander Engelse tekste - en indien moontlik ook dié van inheemse tale - waarvan die melodieë in die Liedboek opgeneem is, in die volgende uitgawe van die Liedboek op te neem.

6.7.4 Nuwe liedere (537: 2.1.3.4) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om, in oorleg met die AJK, 'n meganisme te skep waarvolgens nuwe, inheemse en eietydse liedere deurlopend in die kerk opgeneem kan word en om die nodige riglyne vir die skep van nuwe liedere daar te stel.

6.7.5 Singbare melodieë (537: 2.1.4.3) - die Algemene Sinode keur die memorandum oor "singbare melodieë" as riglyn goed met die oog op leiding aan gemeentes.

6.7.6 Lisensie Liedboek (573: 8.3) - die Algemene Sinode moedig gemeentes aan wat liedere elektronies projekteer, om te verseker dat die nodige lisensie(s) uitgeneem is en jaarliks hernu word.

6.7.7 Elektroniese lisensiëring (573) - die Sinode gee opdrag aan TKKP om met NG Kerk Uitgewers- die kopiereghouer van die Liedboek in gesprek te tree oor:

1. Tariefstruktuur en maatstawwe van tariefstruktuur van die elektroniese lisensiëring.

2. Die gebruiksvoorregte deur die gemeentes wat die lisensie uitneem.

6.7.8 Kommissielede van Liedboek (572: 2.4.1) - die Algemene Sinode bedank die lede en veral die voorsitters van die gesamentlike kommissies en die eindredaksie vir die kundige, toegewyde en onbaatsugtige wyse waarop hulle hulle werk vir die daarstelling en afronding van die nuwe sangbundel gedoen het.

6.7.9 Digtors en Musici (572: 4.8.1) - die Algemene Sinode boekstaaf sy dank en waardering vir Suid-Afrikaanse digtore en musici wat 'n belangrike bydrae tot die inhoud van die Liedboek gemaak en daaraan 'n eg Suid-Afrikaanse karakter verleen het.

6.7.10 Saamwerkende kerke (572: 2.4.2) - die Algemene Sinode boekstaaf sy dank en waardering teenoor die saamwerkende kerke vir die hartlike samewerking met die daarstelling van die Liedboek.

6.8 KERKMUSICI (540) - die Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AJK ondersoek in te stel na wyses waarop die opleiding en toerusting van kerkmusici ook in 'n meer kontemporêre idioom sal kan geskied.

6.9 LEESROOSTER IN DIE LITURGIE (538: 2.2.13.3) - die Algemene Sinode keur die voorgestelde werkswyse ten opsigte van 'n leesrooster in die liturgie goed en dra dit aan die AKE op om prakties gestalte hieraan te gee.

6.10 LIGGAAMLIKE BETROKKENHEID IN DIE EREDIENS (537: 2.2.11.3)

1. Die Algemene Sinode bevestig die standpunt dat daar ruimte is vir liggaamlike beweging in die aanbiddingsontmoeting tussen God en mens.
2. Die Algemene Sinode aanvaar die liturgiese riglyne in die verslag en versoek gemeentes om enige vorme van liggaamlike beweging in en rondom die erediens (oud en nuut) hieraan te evalueer.

6.11 LITURGIE DOOPDIENS (538: 2.2.14.2) - die Algemene Sinode keur die voorgelegde liturgie vir 'n doopdiens as riglyn goed en gee dit deur na gemeentes vir gebruik volgens plaaslike omstandighede. Skrap alles in die tweede paragraaf onder punt 7.1 van: "Christus het aan die kruis gesterf....." tot aan die einde van die paragraaf.

6.12 LITURGIESE KLEREDRAG (538: 2.2.15.2) - die Algemene Sinode keur die riglyne in die studiestuk ten opsigte van simboliese liturgiese kleredrag goed en gee opdrag aan die AKE om verder gestalte daaraan te gee.

6.13 LITURGIESE LEIDING (538) - te midde van die verskeidenheid van liturgiese style wat tans vir die NG Kerk gebruik kan word, is dit noodsaaklik dat die woordverkondiging en liturgiese leiding duidelik sal geskied binne die gereformeerde verstaan van die evangelie van God se vrye genade in Christus.

6.14 NAGMAAL

6.14.1 Gereelde viering van die nagmaal (537: 2.2.4.2)

1. Die Algemene Sinode bevestig 'n vorige besluit dat die volledige Christelike erediens beide Woordbediening en Nagmaalviering insluit.
2. Die Algemene Sinode moedig gemeentes weer eens aan om nader te beweeg aan die rigting van 'n weeklikse viering van die nagmaal. Die Algemene Sinode doen dit met die oortuiging dat dit die beste Bybelse praktyk is, dat die sakramente maniere is waarop God na ons kom en dat dit ook die Woordbediening kan versterk.
3. Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die meer gereelde viering van die nagmaal 'n onbereikte ideaal sal bly indien die gemeente nie die geloofversterkende nut daarvan beleef nie. Gemeentes en liturgen word aangemoedig om die volgende paar jaar besondere erns te maak met die inkleding van die nagmaal.
4. Die Algemene Sinode aanvaar dat wat betref die hoe van die viering van die nagmaal die gereformeerde tradisie nooit voorskriftelik was nie. Daar is in die gereformeerde tradisie byvoorbeeld verskillende praktyke rondom die kommunie van die gemeente gangbaar. Die Algemene Sinode handhaaf die beginsel van vryheid, en versoek gemeentes om hulle in hul besluite hieroor te laat lei deur die beginsels van die Skrif en die wens dat die gemeente opgebou en gestig sal word deur die viering van die nagmaal.

6.14.2 Nagmaal in kleingroepe (537) - aangesien daar by 'n toenemende aantal lidmate 'n behoefte is aan 'n nagmaalsbeleving in kleiner, meer intieme groepe, en daar geen Bybelse beswaar daarteen is nie, besluit die Sinode dat nagmaal voortaan ook in kleingroepe in die gemeente bedien mag word onder dieselfde voorwaardes as wat in die gemeentes as geheel geld.

6.14.3 Nagmaalsliturgieë (537: 2.2.7.2) - die Algemene Sinode keur die voorgelegde nagmaalsliturgieë as riglyne goed en gee dit deur na gemeentes vir gebruik volgens plaaslike omstandighede.

6.14.4 Wydingsnagmaal (537: 2.2.6.2) - die Algemene Sinode keur die hou van 'n wydingsnagmaal in beginsel goed en laat dit aan gemeentes oor om die viering daarvan sinvol in te rig. Die AKE word versoek om aandag te gee aan die naam: "Wydingsnagmaal".

6.15 OU TESTAMENT: FUNKSIONERING IN DIE CHRISTELIKE EREDIENS (537: 2.2.1.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n deeglike studie te maak van die wyse waarop die Ou Testament in die Christelike erediens behoort te funksioneer.

6.16 PREDIKING: VERNUWING (538)

1. Die Sinode neem met dank kennis van die liturgiese vernuwing binne die NG Kerk en dank die AKE vir die begeleiding hiervan.
2. Die Sinode beskou die vernuwing in die prediking as 'n noodsaaklike en wesenlike deel van hierdie vernuwing.

3. Die Sinode dra dit aan die AKE op om in sy voorafgaande besinning van die erediens die vernuwing in die prediking in 'n groter mate te verreken. Die Sinode versoek die AKE om in oorleg met die AKG in sy volgende verslag die Sinode te dien met 'n strategiese plan vir 'n proses om hierdie vernuwing te motiveer en te bevorder.

6.17 RITUEEL EN SIMBOOL RONDOM DIE LITURGIE (537: 2.2.9.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om 'n studiestuk op te stel oor ritueel en simbool rondom die totale liturgie van die erediens.

6.18 SIMBOLIESE GEBARE DEUR PROPONENTE (537: 2.2.10.2) - die Algemene Sinode besluit dat proponente die simboliese gebare by die seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in liturgie en prediking, kan uitvoer.

6.19 STUDIEOPDRAGTE AAN DIE AKE (540: 3.7.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKE om die volgende onderwerpe as studieopdragte te hanteer:

1. Vreugde- en feeskarakter van eredienste
2. Aanbiddingsdimensie in die erediens
3. Toe-eieningsmoment in die erediens
4. Beoefening van liturgiese leierskap
5. Alternatiewe eredienste

6.20 SUID-AFRIKAANSE KERKORRELISTEVERENIGING (540: 3.4.4) - die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om toe te sien dat hulle musiekleier(s) ingeskrewe lede van SAKOV is en die gereelde streekbyeenkomste bywoon, en om jaarliks daarvoor te begroot.

6.21 SUID-AFRIKAANSE KOORVERENIGING (541: 3.5.2) - die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om toe te sien dat hulle kantoryleier(s) ingeskrewe lede van SAKV is.

6.22 TEODISEË-VRAAGSTUK (539: 2.3.10.2.2) - terugverwys na AKE.

6.23 WET IN DIE EREDIENS: PLEK EN FUNKSIE (538: 2.2.12.3) - die Algemene Sinode aanvaar die studiestuk en beveel aan dat dit in die erediens neerslag vind.

AKE word gevra om te kyk na die formulering van pt 7.4 van die studiestuk.

7. FONDSE

7.1 BEGROTINGSGLAS OP SINODES (541: 14.3.2) - die Algemene Sinode versoek die ASK om, in oorleg met die AKF, weë te vind om die begrotingsglas van die Algemene Sinode op sinodes te verlig, veral tov vergaderkoste.

7.2 FINANSIËLE BESTUUR: RIGLYNE (540: 6) - die Algemene Sinode keur die volgende riglyne vir finansiële bestuur goed.

1. Riglyne vir bestuur van kerklike fondse

Riglyne en voorskrifte vir die bestuur van kerklike fondse word weergegee in die Kerkorde Artikels 43.2.1, Artikel 57 en Reglement 7 en 9. (Wysigings in Reglement 9 word afsonderlik deur die AKF voorgestel.)

2. Riglyne vir bedryfsinstansies van en in belang van die kerk

Die volgende riglyne word goedgekeur vir die bestuur van bedryfsinstansies wat aan Kommissies van die Algemene Sinode verslag doen:

2.1 Alle werksaamhede en kommissies wat opgeneem is in die begroting van die Algemene Sinode se fondse word deur die betrokke kommissie onder leiding en toesig van die AKF bedryf en bestuur.

2.2 Kommissies wat oor die vermoë beskik om selfstandig fondse te genereer, hetsy deur handelsaktiwiteite en/of beleggingsinkomste en selfonderhoudend is (geen fondse vanaf die Algemene Sinode bekom nie), en voldoen aan die reglemente van die Algemene Sinode tov eiendomme en finansies, administreer en bestuur hulle eie fondse en doen jaarliks verslag aan die AKF met die nodige stawende dokumente soos finansiële state, begrotings, toekenningsbeleid, ens. Hierdie kommissies doen selfstandig verslag aan die Algemene Sinode.

2.3 Bestaande ooreenkomste of reglemente (Aktes van oprigting en statute) tov Artikel 21-maatskappy en ander tipe regsentiteite, word gehonoreer. Bogenoemde instansies wat 'n noue verbintenis met die NG Kerk het en aan die kerk dienste lewer, behoort ook jaarliks verslag te lewer aan die ASK en AKF met die voorsiening van die nodige finansiële inligting.

2.4 Indien 'n kerklike kommissie of instansie 'n Artikel 21-maatskappy of ander regsentiteit wil vorm moet dit in noue samewerking en met die goedkeuring van die ASK geskied.

2.5 Enige oordrag van fondse of beleggings van een kerklike kommissie of werksaamheid, aan 'n ander

kommissie, instansie of sinode, behoort met die nodige samewerking en konsultasie van die AKF te geskied.

2.6 Die gebruik van die naam van die kerk deur Art 21-maatskappye en ander instansies, behoort nie sondermeer toegelaat te word nie vanweë die latente risikos wat dit vir die kerk skep. (*Vgl besluit Algemene Sinode 1990 Handeling bl 638 pt 8*).

2.7 Ten opsigte van korporatiewe bestuur verwag die Algemene Sinode dat kerklike instansies aan die hoogste standaarde en norme sal voldoen (bv die Riglyne van die King-Kommissie 2002).

7.3 INKOMSTEBELASTINGWET (540: 5) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om, in oorleg met die AKF, die hele saak van kerk-en-belasting te monitor met verslag aan die ASK met die oog op tydige implementering.

7.4 KERKLIKE EIENDOMME (568: 6.2) - die Algemene Sinode is besorg oor 'n skynbare tendens om kerk-eiendom te vervreem en versoek sinodes om oorweging daaraan te skenk om alle instansies binne hulle ressort wat oor kerkeiendom beskik, te adviseer. Moontlike sake waaraan aandag gegee kan word, is onder andere raadpleging van die Sinodale Kerkkantoor/ Fondsekommissie ivm alle gemeentlike eiendomme wat op die mark geplaas gaan word, verhuring eerder as verkope en bruikbaarheid van die eiendom deur ander kerke.

7.5 PARLEMENTÊRE LESSENAAR (568: 6.1.6.3) - die Algemene Sinode versoek die AKF om ondersoek in te stel na die beskikbaarstelling van fondse om die Parlementêre Lessenaar van die Kerk voltyds te beman en daarvoor verslag te doen aan die Algemene Sinode

7.6 PENSIOENFONDS BUITELANDSE BEDIENING (563: 1.1) - die Algemene Sinode besluit dat

1. gemeentes van die NG Kerk buite die Republiek van Suid-Afrika ingevolge Art 14 van *Die Kerkorde* (1998) pensioenvoorsiening vir hulle predikante moet maak;
2. pensioenfondse wat gemeentes buite die Republiek van Suid-Afrika as deelhebbers het, versoek word om in hulle bepalinge voorsiening te maak dat toestemming aan deelhebbers verleen kan word om op 'n ander wyse pensioenvoorsiening vir hulle predikante te maak.

7.7 VERGOEDING WERKGEWERS: RIGLYNE (570: 8.10.2.3) - die Algemene Sinode keur die volgende riglyne goed ten opsigte van kompenserende vergoeding aan gemeentes waarvan predikante diens aan die kerkverband lewer:

1. Vanweë die aard van die NG Kerk as 'n kerkverband en nie net losstaande gemeentes nie, kan van kerkrade en gemeentes verwag word om hulle leraars en ook kerkradslede beskikbaar te stel vir diens in die kerkverband (ring, sinode en Algemene Sinode).
2. Wanneer 'n predikant 'n buitengewone deel van sy dienstyd in die diens van die kerkverband bestee, kan die kerkrade en die betrokke kommissie(s) met mekaar in gesprek tree oor kompenserende vergoeding aan die kerkrade of moontlike ander reëlings – die kerkrade of die betrokke kommissie neem die inisiatief. Onderhandelinge oor kompenserende vergoeding moet vroegtydig gereël word.
3. Vergaderinge en kommissies van die kerkverband moet toesien dat die werk wat deur 'n predikant in kerkverband gedoen word nie ten koste van sy/haar gemeentewerk geskied nie. Indien dit wel gebeur, moet die kommissie(s) eers 'n poging aanwend om die werk te verdeel alvorens daar om kompenserende vergoeding gevra word en met 'n behoorlike motivering die nodige goedkeuring verkry word.
4. Kommissies kan in oorleg met die verantwoordelike kommissie reël om 'n spesiale vergoeding aan 'n persoon te betaal vir die verrigting van besondere dienste aan 'n kommissie. Hiervoor moet voorsiening gemaak word in die begroting van die kommissie.
5. Waar nodig, behoort persone wat dienste vir 'n kommissie van die kerkvergadering lewer, deur die kerkvergadering van 'n administratiewe infrastruktuur voorsien te word, waaronder die vergoeding vir sekretariële dienste, fotokopieerkoste, telefoon- en faks-koste.
6. Billike vergoeding vir reis- en verblyfkoste en daggelde aan persone wat in kommissies van die kerkverband dien, behoort betaal te word.

7.8 ZIMBABWE: HULP (574)

1. Die Algemene Sinode verbind hom vir drie jaar aan die finansiële hulpverlening aan die NG Kerk in Zimbabwe sodat die effektiewe bediening aan die lidmate daar voortgesit kan word. Die Algemene Sinode versoek die sinodes om hulle met die saak te vereenselwig en daadwerklik betrokke te wees by dié hulpverlening.
2. Die Algemene Sinode dra die saak van hulpverlening aan die NG Kerk in Zimbabwe met volmag aan die AKF op. Die opdrag sluit die moontlike koppeling van sinodes aan bepaalde gemeentes/streke/predikantsposte in Zimbabwe en die bemiddeling daarvoor, en die gevolglike koördineringsdaarvan.

8. GEMEENTEBEDIENING

8.1 AGS TUISTE VIR KWEEKSKOOLSTUDENTE (542) - die Sinode versoek die AKG om die inligting wat veronderstel word in die mededeling met betrekking tot inskakeling van kweekskoolstudente by 'n AGS-gemeente tot beskikking van die Kuratorium by Stellenbosch te stel vir die nodige aandag

8.2 ALGEMENE BIEDIENINGSFONDS (Bylae A.8.9) (544: 5.9)

1. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot bydrae wat die Algemene Bedieningsfonds tot bedieningsuitbreiding en werkskepping vir proponente lewer en versoek sinodes, gemeentes en lidmate om die fonds steeds bekend te stel en te ondersteun.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKF om verder met die ABF te onderhandel oor die befondsing en bestuur van die Algemene Bedieningsfonds

8.3 AMPTELIKE TUG (553) - die Sinode gee opdrag aan AKG en ARK ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.

8.4 AMPTE: VERBREDING EN VERMEERDERING (Bylae A.8.5) (543: 5.3)

1. Die Algemene Sinode herbevestig dat kerkrade wat in die proses van ampsvernuwing en ampsherstel is, noukeurig moet let op die spesifieke fokus van elke amp soos die Algemene Sinode dit in 1998 goedgekeur het.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKE om in samewerking met die AKG die formuliere vir ouderlinge en diakens te wysig ooreenkomstig die besluite van hierdie verslag.
3. Die Algemene Sinode voorsien die moontlikheid dat die kategete-amp as 'n volwaardige amp ingestel kan word en verwys die verdere besinning hieroor na die AKG en ARK vir verdere studie met verslag en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode.
4. Die Algemene Sinode besluit dat nie alle ampsdraers, ouderlinge en diakens ingesluit, in die kerkraad hoef te dien nie en keur dit goed dat Art 27 van die Kerkorde gewysig word.
5. Die Algemene Sinode versoek die AKG om in samewerking met die SKG's 'n databank van verskillende wyses waarop gemeentes ampsbediening struktureer op te bou en om met behulp daarvan 'n konsultasiediens aan gemeentes te lewer.

8.5 BEDIENING VAN BEVRYDING (547: 2.7) - die gevolge vir prediking en pastoraat ten opsigte van die bediening van bevryding en die gesprek met die tydsgees, word verwys na die AKG vir verslag aan die Algemene Sinode. Verwys na die AKG om die volgende Algemene Sinode te adviseer oor die wyse waarop mense met sulke probleme pastoraal gehelp kan word.

8.6 EVANGELISASIE EN NUWE GEMEENTE ONTWIKKELING (Bylae A.8.3) (542: 5.1)

1. Die Sinode bevestig sy oortuiging dat 'n gemeente in sy wese missionêr is.
2. Dat evangelisasie 'n wesentlike aspek van die kerk se roeping en getuienis is en verbind hom daartoe om op 'n holistiese wyse na alle mense uit te reik. Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om dringend leiding te gee in die ontwikkeling en vestiging van 'n nuwe evangelisasiekultuur en -bediening in die Ned Geref Kerk.
3. Die Sinode sien NGO as 'n wyse van uitreik na die buitekerklike asook as 'n wyse om aan die groeiende diversiteit binne ons samelewing en kerk ruimte te gee.
4. Die Sinode sien nie sy weg oop om Nuwe Gemeente Ontwikkeling direk te koppel aan werkverskaffing vir proponente sonder beroepe nie.
5. Die Algemene Sinode aanvaar dat NGO teoreties 'n alternatief op die patroon van geografies gebaseerde afstigting is.
6. die Sinode dra dit aan die AKG op om die volgende sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings oor die moontlike praktiese implementering van Nuwe Gemeente Ontwikkeling. Waar sodanige implementering gepaard mag gaan met kerkordelike aanpassings, moet vooraf met die ARK oorleg gepleeg word.
7. Die AKG maak onder andere vir die proses van die bestaande jaarlikse Konferensie van die Ned Geref Kerke (wat bekend staan as die "Conference for multi-cultural and multi-lingual Ministries in the DRC") gebruik om die NGO inisiatiewe te stimuleer;
8. Die Sinode versoek die AKG om aandag te skenk aan die daarstel van materiaal vir die fasilitering van die proses en vir multikulturele bedieninge, en in besonder kategesemateriaal vir nuwe gelowiges, sowel as vir kinders.

8.7 GEREFORMEERDE GEMEENTELIKE EKKLESIOLOGIE (Bylae A.8.1) (542: 4.1)

1. Die Sinode vereenselwig hom met die breë trekke van die studiestuk en keur dit goed as 'n gespreksdokument oor die toekomstige bediening in NG Kerk gemeentes.
2. Die Sinode vra gemeentes om die studiestuk te gebruik as 'n basis vir verantwoordelike besinning oor vernuwing in die kerk.

3. Die Sinode gee 'n verdere opdrag aan die AKG om aan die hand van die studiestuk te werk aan die formulering van 'n meer afgebakende en praktiese gemeentelike ekklesiologie. Hierdie nuwe studiestuk sou ook kon dien as die basis vir 'n moontlike hersiening van hoe daar in ons huidige kerkorde oor gemeentes en bedieningsverwante sake gepraat word.

8.8 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE (560) - die Algemene Sinode verwys die hele saak van Inskakeling oor Gemeentegrense/Kerklidmaatskap na die AKG (sameroeper) en ARK vir deeglike studie oor die implikasies daarvan - veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake - met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

8.9 KERKLIDMAATSKAP: BROSJURE (559: 2.6.4.9) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om 'n kort brosjure waarin kerklike lidmaatskap en die funksionering daarvan na luid van die Algemene Sinode se besluite daarvoor aan kerkrade beskikbaar te stel vir hantering met lidmate.

8.10 KERKSPIEËLNAVORSING (Bylae A.8.8) (544) - die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die belangrikheid van voortgaande navorsing ten opsigte van die NGK en sy bedieninge sowel as die verstaan van die samelewingskonteks, daar meer begroot word vir Kerkspieël, sodat die werk kan bly voortbestaan.

8.11 KLEIN GEMEENTES (542: 4.3.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.

8.12 KLEINGROEPBEDIENING (544: 5.10.2.2) - die AKG word versoek om die verslag oor kleingroepbediening voor te berei in pamfletvorm vir verspreiding aan kerkrade.

8.13 PASTORALE BEGELEIDING: RIGLYNE (Bylae A.8.7) (544: 5.7)

1. Die Algemene Sinode keur die verslag goed.
2. Die Algemene Sinode stel die verslag aan sinodes beskikbaar vir gebruik in gemeentes.

8.14 PREDIKANTSBEDIENING AS WOORD-BEDIENING (Bylae A.8.4) (542: 5.2)

1. Die Algemene Sinode aanvaar die standpunt dat die gemeente geroep is tot Woordbediening. Die Gees gee predikante aan die gemeente om die gemeente hiervoor toe te rus en te begelei. Daarom is Woordbediening in sy verskillende gestaltes die fokus van die predikantsamp.
2. Die Algemene Sinode aanvaar dat die verskillende gestaltes van Woordbediening as fokus van die predikantsamp die volgende is: pastoraat, onderrig en prediking.
3. Die Algemene Sinode aanvaar dat Woordbediening nie net in die plaaslike gemeente plaasvind nie, maar ook buite gemeentelike verband. Erkenning van ampsbediening word soos volg gereël:
 - 3.1 Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat besig is met Woordbediening:
 - in sinodale verband;
 - as teologiese dosente aan inrigtings wat predikante vir die NG Kerkfamilie oplei; of as kapelane in diens van die SA Nasionale Weermag, SA Polisiediens, Departement van Korrektiewe Dienste en die Nasionale Intelligensiediens verkry erkenning van ampsbediening.
 - 3.2 Die Algemene Sinode verwys die beginsel aangaande die ruimte van Woordbediening (met behoud van bedieningsbevoegdheid) in die NG Kerk in organisasies en taakgroepe wat nie amptelik aan kerklike institute verbind is nie, na AKLAS in samewerking met die AKG en die ARK vir verdere studie en aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode.
 - 3.3 Die Algemene Sinode neem kennis dat die gedeelte in die blok op bladsy 305 van die Agenda bedoel was as verdere gespreksdokument tussen die ARK en die AKG en dus eintlik nie deel moes wees van die verslag van die ARK aan die Algemene Sinode nie. Die TRK het lede van die AKG onder andere hieroor ontmoet en beide kommissies beskou die kommentaar as afgehandel.
4. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om daarmee erns te maak dat hulle predikante op Woordbediening in sy verskillende gestaltes behoort te fokus en daadwerklike pogings behoort aan te wend om hulle los te maak van aktiwiteite wat buite hierdie opdrag val.
5. Die Algemene Sinode versoek die AKG om te besin oor die implikasies wat hierdie verslag vir legitimasië inhou.
6. Die Algemene Sinode dra dit op aan die AKG om in samewerking met AKLAS die volgende Algemene Sinode te dien met 'n verslag oor die Woordbediening van die gemeente. Hierdie verslag moet in verband gebring word met die verslag oor kleingroepnagmaal sonder 'n predikant.

8.15 ROEPINGSTEOLOGIE (542: 4.4.2) - die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om in samewerking met die AKPB te besin oor roeping en amp (roepingsteologie) met verslag aan die sinode.

9. GETUIENISAKSIE

9.1 ANGOLA (565: 4.15.2) - die Algemene Sinode neem met dank kennis van die hoopvolle situasie wat in Angola aangebreek het en versoek alle betrokkenes by uitreike na Angola om dit in oorleg met die NG Kerk in Namibië te doen.

9.2 ARBEIDSBEDIENING (566: 10.1.6)

1. Die Algemene Sinode keur die proses vir die vestiging van ekumeniese strukture vir arbeidsbediening goed en moedig sinodes aan om hulle volle samewerking daaraan te gee.
2. Die Algemene Sinode bevestig die NG Kerk se voortgesette en entoesiastiese betrokkenheid by die Artikel 21-Maatskappy vir Arbeidsbediening.

9.3 ARBEIDSWÊRELD (566: 10.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASSK/AKGA om deur ISWEN, in samewerking met ander belanghebbendes soos AKLAS en Arbeidsbediening Suid- Afrika (IMSA), op 'n omvattende en geïntegreerde wyse 'n studiestuk voor te berei oor etiese en ekonomies-politieke temas op die breër terrein van die Arbeidswêreld met die oog op advies aan die volgende Algemene Sinode.

9.4 BOMONTPLOFFING IN BALI (565) - die Algemene Sinode betuig sy opregte meegevoel met die naasbestaandes van Suid-Afrikaners wat tydens die onlangse bomontploffings in Bali gesterf het en/of beseer is

9.5 BOTSWANA (565: 4.1.2) - die Algemene Sinode doen 'n beroep op alle betrokkenes in Botswana om in oorleg met die Noord-Kaapse Sinode en die Dutch Reformed Church in Botswana by werksaamhede in Botswana betrokke te raak.

9.6 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (566: 11.7) - die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om aan CLF preekbeurte en ander geleenthede toe te staan om sy produkte en dienste bekend te stel.

9.7 ELEKTRONIESE MEDIA (567) - die Algemene Sinode versoek die ASKG om in toekomstige verslae weer gebruik te maak van die elektroniese media om 'n geheelbeeld van die getuienistaak van die kerk weer te gee.

9.8 GETUIES (566: 8.2) - die Algemene Sinode neem met dank kennis van die rol van Die Kerkbode om publisiteit aan kerklike werksaamhede te gee, onder meer deur die gereelde byvoegsels tot dié blad.

9.9 HAWESENDING (566: 9.5)

1. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit vir die werk wat ons hawesendinge in die onderskeie hawens doen en bid hulle die krag en sterkte van die Here toe.
2. Die Algemene Sinode moedig kerkrade, vrouedienste en lidmate aan om voort te gaan om Biblia Hawesending materieel dmv fondse en geestelik deur hulle voorbidding te ondersteun.

9.10 INFORMELE WOONGEBIEDE (565) - die Algemene Sinode neem kennis van die geestelike en ander nood wat heers in die talle informele woongebiede wat rondom ons dorpe en stede ontstaan het, en moedig gemeentes /ringe/sinodes aan om met die samewerking van die ander kerke binne en buite die NG Kerk-familie, konkreet by 'n omvattende bediening van hulp en hoop in die informele woongebiede betrokke te raak.

9.11 ISWEN (566: 7.5)

1. Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die uitstekende werk wat onder moeilike omstandighede deur ISWEN gedoen word en bevestig opnuut die belang van voortgesette navorsing oor die missionêre roeping van die kerk in 'n veranderende wêreld.
2. Die Sinode neem met kommer kennis van die gebrek aan fondse wat die behoorlike funksionering van ISWEN belemmer en dra dit aan die ASSK op om aktief voort te gaan om ander bronne van befondsing vir ISWEN te help ontgin.

9.12 JAAR VAN HOOP (566: 13.8)

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die Werkgroep vir Missionêre Diakonaat op om die doelwitte en inisiatiewe van die Jaar van Hoop te kontinueer.
2. Die Algemene Sinode versoek sinodes om te besin oor en toe te sien dat die drie sake van die Jaar van Hoop voortgesit word.

9.13 JAPAN: SENDINGSAMEWERKING (565: 4.11.4.3) - die Algemene Sinode aanvaar die Sending-samewerkingsooreenkoms tussen die Reformed Church in Japan en die NG Kerk.

9.14 MISSIONÊRE DIAKONAAT (566: 12.5)

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASSK en AKDB op om die proses van groter samewerking tussen die twee kommissies met die oog op die effektiwste uitvoering van die kerk se missionêre diakonale roeping te implementeer, met verslag aan die volgende Sinode. Die proses moet geskied in oorleg met ander bedieningskommissies van die Sinode (byvoorbeeld die AJK en AKG) en gesamentlike strukture met die ander kerke in die NG Kerkfamilie
2. Die Algemene Sinode dra dit aan 'n ad hoc-kommissie, bestaande uit verteenwoordigers van al die bedieningskommissies van die Algemene Sinode, op om ondersoek in te stel na die funksionering en moontlike herstrukturering van sinodale (bedienings)kommissies ten einde op die effektiwste wyse uitvoering te gee aan die kerk se roeping in 'n veranderende wêreld.

9.15 MISSIONÊRE ROEPING: KONFERENSIE (565: 3.4.2) - die Algemene Sinode versoek die AKGA om voort te gaan met die reëlings van die beoogde gesamentlike werkswinkel in 2003 vir die NG Kerkfamilie oor die missionêre roeping van die kerk vandag.

9.16 SENDELINGE (565: 5.6)

1. Die Algemene Sinode versoek die ASSK/ AKGA in oorleg met AKTO om voort te gaan met die daarstel van algemene riglyne vir die werwing, keuring, opleiding, indiensstelling, begeleiding en versorging van sendelinge/dienswerkers vanuit die NG Kerkfamilie.
2. Die Algemene Sinode versoek die ASSK/ AKGA om:
 - 2.1 voort te gaan met die implementering van 'n opleidingskursus vir sendelinge/dienswerkers wat vanuit die NG Kerkfamilie gestuur word vir dienswerk in 'n kruiskulturele situasie;
 - 2.2 fondse te vind vir die skep van 'n voltydse pos vir die koördinerende van die toerusting en versorging van interkulturele kerklike werkers. Fondse wat gevind moet word om voltydse poste te skep, moet gewaarborgde fondse wees wat buite die begroting van die Algemene Sinode en sinodes of hulle kommissies gevind word. Toekomstige verpligtinge ten opsigte van die instandhouding van sodanige poste moet nie afgewentel word op sinodale begrotings nie.
 - 2.3 om te onderhandel vir die strukturele inskakeling van hierdie werksaamheid by die Hugenote Kollege.
3. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes, sinodes en ander sturende instansies in die NG Kerkfamilie om samewerking en ondersteuning te bied met betrekking tot die beoogde riglyne en toerustingskursus vir sendelinge/dienswerkers.
4. Die Algemene Sinode versoek die AKGA dat die kursus ook op ekstensie-basis beskikbaar gestel word deur gebruikmaking van sinodale kommissies vir Getuienisaksie en ander bestaande opleidingsentra van die kerke as kontakpunte, sowel as gemeentes wat daarvoor registreer.

9.17 SUIWER VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE (566: 7.5.3) - die Algemene Sinode roep die kerk op om die evangelie onder alle omstandighede, ook in haar missionêre roeping, suiwer te verkondig en te waak teen 'n Arminiaanse benadering. Die ASSK en ISWEN moet aan buitekerklike sendingorganisasies, wat 'n diens aan die Kerk wil lewer deur hulle sendingarbeid, leiding gee én hulle toets oor die inhoud van die boodskap wat hulle verkondig.

9.18 WÊRELDSENDINGPROJEKTE (565: 4.16.2)

1. Die Algemene Sinode neem met dankbaarheid kennis van die groeiende betrokkenheid van lidmate, groepe en gemeentes by wêreldsendingprojekte en moedig dit graag aan.
2. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes en individue uit die NG Kerk wat by sending in die buiteland betrokke raak om dit ook in oorleg met die sinodale sending/getuienisstrukture te doen.
3. Die Algemene Sinode versoek die sinodes wat tradisioneel vir 'n bepaalde sendinggebied verantwoordelikheid neem om die inisiatief te neem om gesamentlike sending/getuienisstrukture of skakelkommissies daar te stel vir alle sendingbetrokkenes in die bepaalde sendinggebied.

10. JEUG**10.1 GESINSBEDIENING (545: 3.5)**

1. Die Algemene Sinode besluit dat die AJK saam met ander sinodale kommissies wat ook aspekte van gesinsbediening hanteer, onderhandel oor die moontlikheid om 2004 as Gesinsjaar in te rig.
2. Die Sinode besluit dat die AJK met ander sinodale kommissies wat ook aspekte van gesinsbediening hanteer, onderhandel oor die moontlikheid dat die naam van die AJK ook die fokus op die gesin inkorporeer.

10.2 GODSDIENSBELEID IN SKOLE (545: 12.7) - die Algemene Sinode versoek ouers, kerkrade en beheerliggame om hulleself op hoogte te bring van hul regte ten opsigte van godsdienstebeleid in skole deur op godsdienstvryheid aanspraak te maak.

10.3 JONGMENSE IN OPBOU VAN GEMEENTE (545) - die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om dit te waag om hulle jongmense te bekwaam en toe te laat om 'n groot rol te speel in die opbou van hulle gemeentes.

10.4 NAGMAAL AAN DOOPLIDMATE (563: 2) - die Algemene Sinode verwys die stuk "Versoek van die Ring van Bloemfontein-Noord rakende die nagmaal aan dooplidmate" na die AJK vir studie en rapport aan die ASK/ Moderamen wat na bevind van sake daarop handel.

10.5 STRATEGIEË (545) - die Algemene Sinode versoek die AJK om navorsing te doen ten einde gemeentes in staat te stel om die randkerklike en kerklos jeug van ons tyd effektief te bereik en strategieë hiervoor te ontwikkel.

10.6 VERBONDSGESINNE (545) - die Algemene Sinode versoek kerkrade en gemeentes om die bediening van verbondsgesinne, watter gesinsvorm ook al ter sprake is, as 'n prioriteit te hanteer. Gesinsbediening behoort op 'n deurlopende en toegespitste wyse in gemeentes te funksioneer.

11. KERKLIKE MEDIA

11.1 ALGEMENE KERKBODE (546: 5.4.2) - die Algemene Sinode sê vir die Afrikaanse dagblaaië dankie dat Algemene Kerkbode gereeld as bylae daarin verskyn.

11.2 BEELD EN SUSTERKOERANTE (546: 5.4.3) - die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor Beeld en susterkoerante vir sy volgehoue en objektiewe aandag aan die debat oor die historiese Jesus en die sogenaamde Nuwe Hervorming.

11.3 BYBELSTUDIEGIDSE (546: 9.6.1) - die Algemene Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om in ruim mate van die Bybelstudiegidse en skolingsmateriaal van Bybel-Media gebruik te maak en sodoende hulle eie geestelike groei te bevorder.

11.4 GEDRUKTE EN ELEKTRONIESE PRODUKTE (546: 8.6.1) - die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om met groter doelgerigtheid die verspreiding en gebruik van gedrukte en elektroniese produkte met 'n Christelike boodskap deur gemeentelike mediasentrums, kolporteurs en skakelpersone te bevorder.

11.5 "KRUISGEWYS" (546: 9.6.2) - die Algemene Sinode beveel by kerkrade aan om vir hulle leraars in te teken op die vastebestelskema "Kruisgewys" sodat leraars op die hoogte kan bly met die nuutste ontwikkelings op die terrein van teologiese navorsing en praktiese gemeentebediening.

11.6 MEDIA-INSTANSIES (546: 3.4.3) - die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die media-instansies waarin die NG Kerk direkte inspraak het vir die ywer wat hulle aan die dag gelê het om die mediabediening van die NG Kerk te versterk deur strukture van samewerking te vestig waardeur doeltreffendheid en koste-effektiwiteit bevorder kon word.

11.7 RADIO-UITSENDING (546: 6.8)

1. Die Algemene Sinode spreek waardering uit oor die samewerkingsooreenkoms wat tussen CNW Media en Radiokansel gesluit is en bid dat dit sal lei tot die beste moontlike benutting van die radio en televisie in diens van die Here en sy koninkryk.
2. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor Radiosondergrense (RSG) vir die hoogstaande Christelike godsdienprogramme wat hulle uitsaai.
3. Die Algemene Sinode is bly dat CNW Media soveel ekumeniese samewerking bewerkstellig het.
4. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die instansies wat dit deur borgskappe en advertensies vir CNW Media moontlik maak om met die uitsaai van Christelike radioprogramme voort te gaan, soos byvoorbeeld die Algemene Jeugkommissie, die Christelike Lektuurfonds, Bybel-Media en Lux Verbi.BM.

11.8 TELEVISIE (546: 7.4)

1. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor M-Net dat hy steeds vir CNW TV die geleentheid gee om oor sy Gemeenskapsdienskanaal (Supersport 2) uit te saai.
2. Die Algemene Sinode sê dankie vir CNW TV wat, in 'n tyd toe daar geen ander Afrikaanse godsdienstelevisie in Suid-Afrika uitgesaai is nie en min, indien enige, godsdienstelevisie in enige taal, dit oor M-Net se Gemeenskapsdienskanaal gedoen het.
3. Die Algemene Sinode vra die SABC om in sy televisie-uitsaairooster voldoende tyd aan Christelike godsdienuitsendings in soveel tale as moontlik af te staan, en dank die SABC vir nuwe moontlikhede wat geskep is.

11.9 TYDSKRIFTEMAATSKAPPY

11.9.1 Onderzoek mediaberigte (575: 6) - die Algemene Sinode besluit soos volg: Die Algemene Sinode vereenselwig hom met die volgende bevindinge:

1. dat die ondersoek nie korrupsie, oneerlikheid, doelbewuste wanbestuur of roekeloosheid by amptenare of direksieledes aan die lig gebring het nie;
2. In die bestuur van die maatskappye is nie altyd voldoende met finansiële en bestuurskundige werklikhede rekening gehou nie en het 'n tekort aan kapitaal asook krisisbestuur moontlik gelei tot ondeurdagte besluite.
3. Daar word kennis geneem van 'n aantal plekke in die verslag waarin sprake is van bv "verdraaiing van die waarheid" (par 7.3) en "mislei" (par 2). Skynbaar was die historiese konteks daarvan die feit dat bepaalde praktyke destyds in die sekulêre wêreld in omloop was, ter wille van belasting-strukturering. As kerk het 'n mens voorbehoude oor die etiese gangbaarheid daarvan en is die feit dat dit so deurgegaan het in kerklike verband jammer, al was dit op voordrag van finansiële advies wat ontvang is.
4. Dit is te betreur dat in die hele proses waaroor die verslag handel, R4miljoen kerklike geld bestee is en dat ten spyte daarvan Tm tans in 'n finansiële krisis verkeer. Die ASK-Dagbestuur besef dat dit gebeur het te midde van mooi inisiatiewe in 'n moeilike bedryfsomgewing en dat Tm en instansies uit ander bronne groot bedrae geld ingeplou het wat uiteindelik ook definitiewe kanale vir 'n vrugbare mediabediening vir die kerk daargestel het.

11.9.2 Vertrekpunte (575: 3.1)

1. Die Algemene Sinode bevestig die noodsaaklikheid van die kerklike media en die rol wat laasgenoemde in die kerklike milieu en in breër verband speel.
2. Die Algemene Sinode bevestig dat die bestaan van 'n eie kerkkoerant en jaarboek onontbeerlik is en dat die bestaan van 'n christelike tydskrif 'n ideaal is.
3. Die Algemene Sinode bevestig sinodes se verantwoordelikheid dat alle gemeentelidings ingelig en gemotiveer word deur middel van die kerk se publikasies.

11.9.3 Voortsetting van Kerkbode (575) - aangesien die Kerkbode die oudste koerant in Suid-Afrika en die primêre bron van kommunikasie van die Ned Geref Kerk is, besluit die Algemene Sinode om alles in sy vermoë te doen om die uitgee van die Kerkbode voort te sit.

11.9.4 Privatisering (575) - verwys na taakgroep:

Dat die bestaan van 'n eie Kerkkoerant en Jaarboek en Lig onontbeerlik is, maar dat die AKF privatisering sal ondersoek.

11.9.5 Dank (575) - die Algemene Sinode neem met dank kennis dat Tm gedurende die afgelope aantal jare amper bo vermoë daartoe bygedra het dat die evangelie deur die gedrukte media, radio, TV en die internet uitgedra kon word.

11.9.6 Finansiële krisis (575: 3.1 en 576: 1.2/1.3)

1. Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die finansiële situasie waarin die Tydskriftemaatskappy verkeer.
2. Die Algemene Sinode aanvaar die belydenis van ds F Swanepoel (Voorsitter van Tm Direksie) en dr FM Gaum (Hoofredakteur Kerklike Tydskrifte en Direkteur Tm) insake bogenoemde finansiële krisis.
3. Die Algemene Sinode bevestig dat goeie bestuur die kritiese faktor vir toekomsbeplanning en herstel van vertroue in Tydskrifte Maatskappy is.

11.9.7 Dr FM Gaum (576: 1.4/5)

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat dr FM Gaum kennis gegee het dat hy op 1 April 2004 as PASD met opdrag Hoofredakteur Kerklike Tydskrifte gaan afree.
2. Die Algemene Sinode onthef dr Gaum met onmiddellike effek as Direkteur van Tm en daarmee saam sy betrokkenheid by die bestuur van die Maatskappy.

11.9.8 Rentevrye lenings (576: 1.6) - die Algemene Sinode versoek die AJK en CLF om onderskeidelik R2 miljoen en R500 000 as rentevrye lenings volgens aanvaarbare voorwaardes aan Tm beskikbaar te stel wat deur die Direksie in die proses ter bereiking van 'n effektiewe kerklike media aangewend mag word en dus Tm herkapitaliseer. Die Sinode neem kennis dat die AKF tevrede is dat Tm dan in 'n positiewe kontantposisie sal wees.

11.9.9 Direksie Tm (576: 1.7/8)

1. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKKM om op 19 Oktober 2002 die volgende persone aan te wys as direkteure van TM: ds Christo Alheit (Skriba AKF as Sekretaris en sameroeper) 'n lid elk van die AKKM, AKF, en AJK, ds Stephan Spies (Besturende Direkteur Lux Verbi.BM), mnr Eric Wiese en Lucas de Lange (uittredende Direkteur) en dr Jan Viljoen (Direkteur Administrasie Sinode Oos-Kaap).

1.1 Die Direksie dra verantwoordelikheid vir volle bestuur en vergader so gou as enigsins moontlik.

1.2 Ds CW Alheit en mnr Eric Wiese tree as bestuurspan met onmiddellike ingang op tot met die eerste direksievergadering.

1.3 Die direksie doen teen 30 November 2002 verslag aan die ASK.

2. Die Algemene Sinode versoek die nuwe direksie van Tm om dringend ondermeer aan die volgende sake aandag te gee:

2.1 die strategiese en finansiële beplanning en beleid van Tm

2.2 die toekoms van Kerklike Publikasies in oorleg met die AKKM

2.3 die hantering van die interim bestuur van Tm totdat die Taakgroep (sien punt 2.1) aan die ASK verslag gee.

2.4 die aanwysing van 'n Bestuursplan.

2.5 beplanning ten opsigte van die toekoms van dr Gaum en die redakteurskap van die Kerklike tydskrifte.

11.9.10 Taakgroep (576: 2)

1. Die Algemene Sinode wys 'n taakgroep aan om alle aspekte van die kerklike mediabediening te ondersoek en aanbevelings aan die ASK te maak ten einde die ASK in staat te stel om besluite te neem wat ten doel het om die mediabediening sinvol te koördineer en beskikbare hulpbronne maksimaal te benut.

2. Die taakgroep bestaan uit die Voorsitter van die AKF (Sameroeper), di Hansie Roelofse, Gerrit Cloete, Stephan Spies en mnr Albie Basson (Geoktrieërde Rekenmeester - Windhoek) met reg van verdere koöpsie van veral kenners uit die mediawêreld.

3. Die taakgroep word versoek om die insette van al die instansies wat by die kerklike mediabediening betrokke is, te verkry.

4. Instansies wat by die kerklike mediabediening betrokke is, en by name die AKKM, Tm, Bybelmedia, CLF en AJK word versoek om hulle volle samewerking aan die taakspan te gee.

5. Die taakspan word versoek om die ondersoek as spoedeisend te beskou en om hulle finale verslag nie later nie as April 2003 aan die ASK voor te lê.

11.9.11 Posisie Artikel 21-maatskappye (576: 3)

1. Die Algemene Sinode dra dit aan bogenoemde taakgroep op om met die ARK saam te werk om 'n reëling te vind vir die beste beskerming van die kerk se belange tov Artikel 21-maatskappye in die mediabediening en moontlik op ander terreine.

2. Die taakgroep doen ook hieroor verslag aan die ASK.

11.9.12 Verklaring van die Algemene Sinode in verband met kerklike media (576) - die Algemene Sinode reik 'n verklaring oor die omstandighede in Kerklike media uit om met deursigtigheid vertroue te herstel en 'n toekomsvisie te help bou:

1. Die NG Kerk streef om in alle bedrywighede op te tree met integriteit, hoë morele waardes en deursigtigheid. Die Algemene Sinode het met dank kennis geneem van die optrede van die ASK om gerugte oor die kerklike media waarin die NG Kerk betrokke is te ondersoek. Die Algemene Sinode het 'n deeglike verslag deur 'n ondersoekkommissie onder leiding van oud appélregter Eksteen hanteer en verskeie besluite hieraan geneem. 'n Aanhangsel aan hierdie besluite word aangeheg.

2. Oor die situasie van veral Tydskrifmaatskappye is 'n ernstige bespreking gevoer. Verskeie besluite is geneem en spoedeisend regstellings te maak om 'n effektiewe mediabediening te verseker. Korttermynplanne sluit in 'n nuwe direksie as bestuursplan en herkapitalisering.

3. Vir die langertermyn sal 'n taakgroep ondersoek instel om die kerk se mediabediening te herposisioneer. Meer effektiewe beheerstelsels is in werking gestel om ook die artikel 21 maatskappye waaronder sekere kerklike werksaamhede gestruktureer is, beter te bestuur.

4. Die Algemene Sinode gee graag hierdie inligting aan gemeentes en alle belangstellendes om te bevestig dat die sakebedrywighede van die media van die NG Kerk op gesonde sakegrondslag hanteer word.

5. Aanhangsel van besluite uit A16.7; C21.1; C21.3 (vgl ook hierdie Besluiteregister)

11.9.13 AKKM (577) - AKKM gaan voort om werk te doen tot Mei 2003 wanneer die nuwe reglement gereed sal wees. Die reglement word via die ARK deur die ASK goedgekeur.

12. LEER EN AKTUELE SAKE

12.1 ARMINIANISME (547: 1.6)

12.1.1 Beskouing oor Arminianisme

1. Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as 'n riglyn vir ons beskouing oor die Arminianisme.

2. Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die hele kerk om alles in die werk te stel om die boodskap suiwer te verkondig en verstaan dat ons uit God se vrye guns alleen gered en geheilig word, en dat hierdie gebeure op geen wyse van ons aandeel afhanklik is nie, maar dat dit nogtans die mens se skuld is as hy/sy nie gered word nie.

3. God se genade in Christus is gemeenskapskeppend en vernuwend. Die reddende geloof behels om te rus in die oormag van God se genade, sodat ons sal groei onder die heerskappy van hierdie genade (Rom 5: 21,6:14). Hierdie soewereine werking van God se genade maak dat die kerk nie anders kan as om dit met entoesiasme te verkondig nie.

12.1.2 Arminianisme en gemeentebediening - die Sinode verwys die verslag A12.D1 (oor die Arminianisme) na die AKG (en ASSK) om, met verslag aan die Algemene Sinode, te besin oor die implikasies van die verslag vir die bediening van die gemeente in die samelewing.

12.2 BELYDENISSKRIFTE: ONDESKRYWING (551: 11.3) - die Algemene Sinode besluit dat punte 2.5.7.1-2.5.7.3 soos volg gewysig word:

1. Punt 2.5.7.1 lees nou: dat ons nie kan verwag dat die opsteller van die NGB Art 4, destyds al die insig moes gehad het dat die Brief aan die Hebreërs nie deur Paulus geskryf is nie. Al weet ons nie presies wie

Hebreërs geskryf het nie, doen dit geensins afbreuk aan ons gelowige aanvaarding van Hebreërs as 'n kano-nieke boek nie

2. Punt 2.5.7.2 lees nou: dat ons rekening moet hou met die destydse stand van teologiese kennis, wat in sommige opsigte van ons s'n kan verskil. Wanneer Bybeltekste dus soms, volgens huidige insig, buite ver-band aangehaal word, stel dit nie daarom die belydenisskrifte op losse skroewe nie. Die saak waarom dit in die belydenisskrifte gaan, is steeds in ooreenstemming met die boodskap van die Skrif as geheel

3. Punt 2.5.7.3 lees nou: dat ons besef dat die NGB Art 36 in 'n totaal ander konteks met betrekking tot die verhouding tussen kerk en staat opgestel is. Tussen ons en die 16^e eeu lê die Verligting wat meegebring het dat daar in die moderne tyd 'n onvermydelike skeiding tussen kerk en staat tot stand gekom het, waaragter ons nie terug kan gaan nie. Die kerk kan nie vandag meer van die staat verwag om op 'n direkte manier "die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder nie". Desnieteenstaande kan die kerk steeds, op grond van die Skrif, van die owerheid verwag om die publiekregtelike ruimte te skep vir die kerk, ten einde die kerk in staat te stel om die eer van God ook op staatkundige terrein te soek. Die saak waarom dit in Artikel 36 gaan, geld in elk geval vandag nog net soos destyds, naamlik dat alle owerhede onder die oppergesag van God staan.

12.3 DOOPVIERING (548: 4.5)

12.3.1 Betekenis van die doop - die Algemene Sinode roep gemeentes op om sowel in die liturgie as in die pastoraat kreatief na moontlikhede te soek om uitdrukking te gee aan die blywende betekenis van die doop vir die geloofslewe.

12.3.2 Wysies van doophedenking - die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake op om in oorleg met die AKG en die AKE konkrete voorstelle oor geleenthede en wysies van doophedenking aan gemeentes beskikbaar te stel.

12.3.3 Tweede doop - die Algemene Sinode beveel aan dat doopvieringsmodelle wat as 'n tweede doop misverstaan kan word, vermy word.

12.3.4 Charismatiese spiritualiteit - die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie Leer en Aktuele Sake om ondersoek in te stel na maniere waarop blootstelling van NG Kerklidmate aan 'n charis-matiese spiritualiteit op 'n konfessioneel en pastoraal verantwoorde wyse vanuit Gereformeerde oriëntasie hanteer kan word.

12.3.5 Redes waarom lidmate kerk verlaat - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om ondersoek in te stel na die redes waarom lidmate die Kerk verlaat en die Sinode te adviseer oor maniere om daarop te reageer.

12.4 DRIE FORMULIERE VAN EENHEID: EIETDSE VERTALING (553: 3)

1. Die Algemene Sinode besluit om 'n nuwe eietydse vertaling van die Drie Formuliere van Eenheid in mak-like leesbare Afrikaans in samewerking met die ander kerke daar te stel.

2. Die Algemene Sinode besluit om die voorgename vertaling in oorleg met die ander twee Afrikaanse kerke aan te pak.

3. Die Algemene Sinode beveel aan dat inklusiewe taal gebesig word.

12.5 GEESTELIKE OORLOGVOERING EN BEVRYDING (547: 2.7)

1. Die Algemene Sinode bely met blydschap die oorwinning van Jesus oor die Bose en sy ryk, en sien met verlange uit na die finale vernietiging van die mag van Satan by die wederkoms van Christus.

2. Die Algemene Sinode aanvaar dat die koninkryk van God nog nie in sy volle heerlijkheid gekom het nie en dat ons dus nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die Bose en sy magte (onder andere Heidelbergse Kategismus Sondag 48 en 52), en moedig alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees, en in die gees van die oorwinning van Jesus, ten volle by hierdie stryd betrokke te wees.

3. Die Algemene Sinode bevestig die teologiese onderbou van ons belydenis wat onder andere beteken dat ons die sogenaamde bonatuurlike karakter van die evangelie aanvaar wat die aktiwiteit van bese magte, die wonderwerke van Jesus, sy opstanding en wederkoms insluit.

4. Die Algemene Sinode spreek sy ernstige huiwering uit oor dit wat na ons mening in sommige vorms van Geestelike Oorlogvoering en Bevryding 'n opsigtelike plus is bo die wyse waarop eksorsisme in die Nuwe Testament beskryf word. Ons meen dat dit ver bo die sober gegewens van die Skrif uitgaan, en die alge-noegsaamheid van die werk van Christus kan bedreig.

5. Die Algemene Sinode distansieer hom van die detail en werkwyse wat in sekere kringe aanvaar word soos die fyner besonderhede oor bese magte, die lang konfronterende gesprekke met bese magte, die magiese mag wat aan beelde en ander voorwerpe toegeskryf word, en die triomfalisme wat soms uitstraal.

6. Die Algemene Sinode is bewus van die feit dat daar in ons teologie en spiritualiteit min aandag aan hierdie sake gegee word, en dat die meeste van ons nie in staat is om mense met sulke probleme te help nie. Die sinode getuig daarvan dat verskillende kulture in ons land ons duideliker bewus gemaak het van die vrees vir bese magte wat baie mense se lewens oorheers, en moedig sy eie lidmate aan wat in hierdie kontekste werk om besondere aandag hieraan te gee.

7. Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om 'n studie te maak van die relasie tussen teologie,

geloof en tydsgees waarin aandag gegee word aan sowel die hermeneutiese aansluiting as die kritiese konfrontasie. Die implikasies wat dit inhou vir sake soos ons Godsbeeld, mensbeeld, demonologie en wonders, moet aangetoon word.

8. Die Algemene Sinode gee opdrag aan AKLAS om voort te gaan met studie oor die bediening van bevryding.

12.6 GESAG VAN DIE SKRIF (548: 5.12)

1. De Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir ons beskouing oor die gesag van die Skrif en vir ons lees en verstaan van die Skrif

2. Die Algemene Sinode versoek teologiese dosente van die NG Kerk aan die teologiese fakulteite, Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, kerkrade, gemeentes en predikantekringe om die verslag onder andere in die lig van Artikel 5-7 van die NGB indringend te bespreek en skriftelike kommentaar aan die AKLAS te lewer voor 31 Desember 2003. In die kommentaar moet ook kwessies en terme wat verdere besinning verg, aangedui word.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKLAS om in die lig van die kommentaar wat ontvang word, 'n verdere verslag uit te bring oor die gesag en die verstaan van die Skrif.

4. Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Bybel as God se Woord, nie 'n dwingelandy is wat ons geestelik verslaaf nie, maar dat God se waarheid ons vrymaak (Joh 8:32). Daarom verg die aanvaarding van die gesag van die Woord nie die opoffering van ons denke wat immers 'n gawe van God is nie, maar wel die kruisiging van ons afvallige, afgodiese denke wat geen grense wil erken nie.

5. Die Algemene Sinode verklaar dat die menslike aard van die Skrif geen bedreiging vorm vir die goddelike karakter daarvan nie, maar dat laasgenoemde juis tot uitdrukking kom in eersgenoemde. Juis in die menslikheid van die Skrif kom die neerbuigende en genadige neerdaling van God, wat kulmineer in die kruis van sy Seun, na vore (Hebr 1:1). Daarom is die Skrif ook nie aan ons gegee as 'n onfeilbare bron van eksakte natuurwetenskaplike en historiese informasie nie, maar om ons die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2 Tim 3:15).

6. Die Algemene Sinode verklaar dat dit uit die Bybel self duidelik is dat die inspirasie van die Skrif nie op 'n eenvormige wyse plaasgevind het nie. Daarom is die aard van die gesag van die Skrif ook nie oral dieselfde nie. Ons kan onderskei tussen die hart van die boodskap van die Skrif en sake wat meer op die rand lê, hoewel die rand en hart nie van mekaar losgemaak kan word nie, maar juis in hulle samehang as Woord van God funksioneer. Die geheimenis van die Goddelike inspirasie van swakke menslike instrumente, kan ons nie deurgrond nie, maar omgekeerd deurgrond hierdie inspirasie vir ons en die totale werklikheid waarvan ons deel is, en lê sodoende gesagvol beslag op ons hele lewe.

7. Die Algemene Sinode verklaar dat die gesag van die Skrif nie gesetel is in geïsoleerde Skrifgedeeltes op sigself nie, maar dat die gesag van elke onderdeel van die Skrif funksioneer binne die geheel van die Skrif en die gesag van die geheel tot uitdrukking kom in die onderdele. Die eenheid van die Skrif is geleë in die eenheid van God (Deut 6:4) wat as die Drie-enige tot ons neerdaal in die Bybelse geskiedenis.

8. Die Algemene Sinode bely dat ons met God in aanraking kom deur middel van die geskiedenis wat Hy met die mense gemaak het soos deur die Skrif vertolk. Hierdie geskiedenis bereik 'n klimaks in die koms van Jesus Christus sy Seun, wat in die volheid van die tyd deur die Vader gestuur is as Verlosser van die wêreld. Ook die vertolking op velerlei wyses deur woord en daad, maak deel uit van hierdie geskiedenis. Deur die Gees as die eintlike Tolk en (daarom) Trooster, word ons ten spyte van ons onvolkomenheid en sondigheid, toegerus om nou reeds deur woord en daad binne hierdie gebroke werklikheid, iets te laat blyk van God se genadige neerdaling tot sy skepping.

9. Die Algemene Sinode verklaar dat hoewel God sy Gees aan die kerk gegee het om ons in die volle waarheid te lei (Joh 16:13), die gesag van die Skrif nie primêr berus op die bloot formele feit dat die kerk dit as kanon aanvaar het nie. In die Skrif self word reeds duidelik dat die kerk as gevolg van ons sondigheid nog steeds blootgestel is aan dwaling. Daarom is die gesag van die Skrif in die eerste instansie geleë in die inhoud van die Gees se boodskap naamlik God se genade in Christus (Joh 16:14). Hierdie boodskap het die kerk in die kanon gehoor as die kritiese maatstaf vir die verkondiging waardeur ook tussen die geeste onderskei word.

10. Die Algemene Sinode verklaar dat die vonnis en vrypraak wat God in die vleesgeworde Woord oor ons uitgespreek het op Goeie Vrydag en Paassondag (Rom 4:25), met gesag deur die Gees by die lees en verkondiging van die Woord oor ons uitgespreek word. In sy Woord gee God ons "sy Woord" deur al sy beloftes, waarop ons met vrymoedigheid ons durf verlaat vir tyd en ewigheid, aan ons toe te sê. Hierdie gesag is dinamies want die Woord is skeppingsmagtig. Dit bring ons in 'n nuwe verhouding met God en lei ons tot lewensverandering

12.7 GEWELD (549: 6.7)

1. Die Algemene Sinode besluit om die vormingskrag van die erediens, kategese, gebede, Bybelstudie- en kleingroepe en sakramente optimaal te benut om die moraliteit van ons lidmate op Bybelse waardes te bou.

2. Die Algemene Sinode besluit om mee te werk om 'n konstruktiewe bydrae te lewer tot die morele genesing van die samelewing.

3. Die Algemene Sinode erken dat materialisme 'n integrale deel van ons leefwyse geword het en bely dat ons nie genoeg doen om armoede te verlig nie.
4. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om alle slagoffers van geweld binne gemeentegrense met woord en daad by te staan en onderneem om profeties en pastoraal die persepsies van veral mans hieroor reg te stel.
5. Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die verskeie vorme van geweld teen vroue in alle kulture en onderneem om profeties en pastoraal die persepsies van veral mans hieroor reg te stel
6. Die Algemene Sinode besluit om deur die bestaande ekumeniese strukture ander kerke te betrek in die stryd teen geweld.
7. Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op die owerheid om die veiligheid van die inwoners van die land doeltreffender te bestuur.
8. Die Algemene Sinode besluit om die boodskap van Christelike hoop sterk uit te dra aangesien wanhoop en pessimisme mense demotiveer ten opsigte van ons roeping in hierdie land.
9. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om lidmate met onverwerkte rasse-, haat- en skuldgevoelens sowel as die neiging tot vergelding pastoraal te begelei sodat versoening onder mense bewerkstellig kan word.
10. Die Algemene Sinode roep ons lidmate op om in weerwil van spanninge en selfs provokasie nie tot vuisreg oor te gaan nie.
11. Die Algemene Sinode verseker die lede van alle veiligheidsdienste van ons voorbidding.
12. Die Algemene Sinode roep sy lidmate op tot die bekamping van geweld deur die skepping van werksgeleenthede, die bekamping van armoede en die skepping van 'n gees van verdraagsaamheid, mededeel-saamheid en offervaardigheid. Hiermee vat die kerk die hand van die staat in die hantering van dié baie belangrike kwessie in Suid-Afrika

12.8 GODSBESKOUING (549: 7.3) - na aanleiding van die vraag voor die Sinode of Christene, Jode en Moslems dieselfde God aanbid, stel die Sinode dit as sy standpunt:

1. Daar is net één ware en lewende God.
2. Jode, Christene en Moslems deel bepaalde historiese wortels met mekaar.
3. Ons aanvaar dat kragtens God se algemene genade, kennis aangaande God ook in die geloof en aanbidding van Jode en Moslems te vinde is (Hand 17:27-28, Rom 1:18).
4. Die volle openbaring van God die Vader is egter alleen in Jesus Christus deur die Heilige Gees te vinde. Hy is die Weg die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur hom nie. (Joh 14:6)
5. Ons het die onontwykbare verantwoordelikheid om in nederigheid en respek maar ook met oortuiging - veral deur vriendskapevangelisasie én praktiese dienslewering - die evangelie van Jesus Christus aan Jode en Moslems te bring, sodat hulle ook die verlossing in Jesus Christus kan ervaar.

12.9 GRONDHERVORMING (549: 8.8)

1. Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn vir die voortgaande gesprek oor grondhervorming in Suid-Afrika.
2. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die Suid-Afrikaanse regering vir die grondhervormingsbeleid en doen 'n beroep op die owerheid om veral die beskikbaarstelling van grond vir die vestiging van hawelose mense as 'n dringende prioriteit te bespoedig.
3. Die Algemene Sinode besluit om die riglyne vir grondhervorming (8.7.3) as profetiese stem van die Kerk aan die owerhede en georganiseerde landbou van Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe deur te gee.
4. Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om as 'n saak van dringendheid 'n gesprek met die owerhede oor grondhervorming te inisieer aan die hand van die riglyne van 8.7.3.
5. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes, ringe en gemeentes om 'n volledige rekord van grond in hulle besit te hou, en 'n duidelike besluit oor die aanwending daarvan te formuleer
6. Die Algemene Sinode oordeel dat hoewel die kerk nie oor genoeg grond beskik om 'n beduidende bydrae tot grondhervorming te lewer nie, dit 'n belangrike simboliese betekenis kan hê as gemeentes, ringe of sinodes beskikbare grond deel van die proses sou kon maak.
7. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate om sensitief te wees vir die nood van hawelose mense, en om alles in hulle vermoë te doen om te verseker dat alle mense in die plaaslike gemeenskap oor basiese huisvesting beskik.
8. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en gemeentes om waar moontlik 'n versoenende/ bemiddelende rol te speel in grondkwessies, en om pastorale bystand te verleen aan diegene wat direk daardeur geraak word. Die Algemene Sinode verklaar hom bereid om hierdie rol binne sy vermoë op nasionale vlak te speel.

12.10 HEILIGE GEES: MANIFESTASIES (547: 3.9)

1. Die Algemene Sinode verklaar dat die buitengewone gawes van die Gees nooit sonder die vrug van die Gees tot opbou van die gemeente kan dien nie, en dat ons nie moet onderskei tussen "buitengewone" en "gewone" gawes asof die een groep gawes belangriker is as die ander nie.

2. Die Algemene Sinode onderstreep die feit dat die een kerk as liggaam van Christus bestaan uit baie ledemate, individuele gelowiges aan wie die Heilige Gees verskillende gawes uitdeel en wat elkeen afsonderlik ander lidmate moet dien.
3. Die Algemene Sinode beklemtoon die feit dat alle gawes en dienste in die kerk as liggaam van Christus charismaties van aard is. Dit is die Gees self wat hierdie verskillende genadegawes aan die onderskeie lede van die liggaam gee. Daar kan dus nie onderskei word tussen charismatiese en nie-charismatiese gawes en dienste in die kerk nie.
4. Die Algemene Sinode wys daarop dat die heel *gewone* en die meer *buitengewone* gawes van die Gees eweseer charismata, genadegawes van die Gees is. Die genadegawe se ware kenmerk kom daarin na vore dat dit 'n gawe uit genade is, en nie of dit gewoon of buitengewoon van aard is nie. Die Sinode verklaar derhalwe dat daar ook nie 'n teenstelling tussen die genadegawes en die instellings (ampste) as gawes van die Gees aan die kerk gemaak kan word nie.
5. Die Algemene Sinode wys verder daarop dat in die nadenke van die kerk oor die gewone en buitengewone genadegawes van die Gees daar rekening gehou moet word met die feit dat die lyste in Rom 12, 1 Kor 12 en Ef 4 die besondere omstandighede van daardie gemeentes weerspieël en nie as 'n bloudruk vir alle omstandighede en kontekste kan dien nie. Die kerk sal dus steeds in afhanklikheid oop moet wees vir die leiding van die Gees deur die Skrif en ander gawes van die Gees in nuwe en wisselende omstandighede.
6. Die Algemene Sinode verklaar dat die voorkoms van sogenaamde buitengewone gawes in die kerk vandag telkens getoets moet word aan die verskillende kriteria wat die Woord self in hierdie verband neerlê:
 - *1 die belydenis dat Christus die Here is
 - *2 die voordeel van ander gelowiges
 - *3 diens aan die liggaam van Christus en die naaste
 - *4 opbou van die kerk
 - *5 orde
 - *6 liefde as samevatting van die vrug van die Gees
7. Die Algemene Sinode neem met dankbaarheid kennis van die voorkoms van genadegawes van die Gees wat beantwoord aan die kriteria van die Woord en waarmee die kerk gedien en gebou kan word en wat 'n besondere bydrae lewer tot die entoesiasme, vreugde, warmte, liefde, lof en aanbidding in die gemeente.

12.11 HOMOSEKSUALITEIT (551: 14)

1. In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons ons nie langer sonder meer kan vereenselwig met die verslag, Homoseksualiteit. Wat sê die kerk (1986) nie. In die lig van voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat daar in die Kerk ernstige meningsverskil ontstaan het oor sy ingenome standpunt oor homoseksualiteit.

INTERPRETASIE VAN BESLUIT 1:

Die Algemene Sinode verstaan dit so dat hy met die aanvaarding van besluit 1 erken dat daar rede is om weer te besin oor sy standpunt oor homoseksualiteit. Alhoewel die besluit van 1986 geldig bly totdat dit herroep word, bring die aanvaarding van die amendement mee dat daar 'n nuwe, oop situasie ontstaan het in afwagting op 'n standpunt by die volgende Algemene Sinode

2. Sonder miskiening van die feit dat daar in die samelewing verhoudings bestaan en tot stand kom tussen lede van dieselfde geslag, handhaaf die Sinode die standpunt dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou volgens ons verstaan van die Skrif as 'n huwelik beskou kan word.
3. Die Algemene Sinode erken met hartseer en berou dat ons in die verlede deur veroordelende gesindhede en liefdelose optrede 'n aandeel gehad het aan die vervreemding van homoseksuele gelowiges. Ons bevestig dat ons nie die integriteit van medegelowiges bloot op grond van 'n homoseksuele oriëntasie in twyfel wil trek nie. Graag verseker ons hulle van die NG Kerk se opregte pastorale bewoënheid en verklaar dat hulle hartlik welkom is in ons gemeentes.
4. Die Algemene Sinode waarsku in 'n tyd van seksuele losbandigheid met groot erns om die Godgegewe gawe van die seksualiteit te gebruik op 'n wyse wat die Gewer eer en ons medemens koester. Dit impliseer dat hetero- en homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
5. Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die Kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie, asook gelowiges wat bely dat hulle deur God se genade van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek. Die Algemene Sinode versoek AKLAS om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig in die lewe van mens en maatskappy.
6. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers en kerkvergaderings om met groot omsigtigheid en respek teenoor alle medegelowiges die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode. Op almal wie se pad kruis met persone met 'n homoseksuele oriëntasie, word 'n beroep gedoen om hulle in die styl en gesindheid van Jesus Christus te aanvaar.

12.12 KERK EN STAAT (550: 10.11)

1. Die Algemene Sinode handhaaf die belydenis van die oppergesag van God oor alle lewensterreine as die grondslag vir ons verstaan van die verhouding tussen kerk en staat, en bevestig opnuut dat ons dié oppergesag bo alles verstaan in die lig van die evangelie van Jesus Christus as "n krag van God tot redding van elkeen wat glo" (Rom 1:16).
2. Die Algemene Sinode bely daarom dat ons die staat sien as 'n dienaar van God wat die roeping het om die reg te handhaaf, die goeie te bevorder en die kwade te bestry in belang van alle mense binne die grense van ons land.
3. Die Algemene Sinode beskou pogings soos 'n "staatskerk" en 'n "Christelike staat" as historiese gestaltes van hierdie belydenis, maar aanvaar dat hierdie gestaltes dikwels ernstige nadele vir die kerk ingehou het en die saak van Christus meermale op diepgaande wyse gekompromitteer het. Daarom beskou die Sinode hierdie tipe konsepte binne ons konteks nie as haalbare óf wenslike gestaltes van ons belydenis van die oppergesag van God nie.
4. Die Algemene Sinode erken die positiewe aspekte van die liberaal-demokratiese bestel, veral wanneer dit vergelyk word met die totalitêre alternatiewe, en dra dit aan Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n verdere studie te onderneem oor die rol wat die kerk in die openbare gesprek in ons land kan speel, met spesifieke verwysing na moontlike gemeenskaplike waardes tussen die Christelike geloof en die liberale demokrasie sowel as moontlike verskilpunte in oortuiging.
5. Hierdie studie moet deeglik kennis neem van die bestaande gesprek tussen verteenwoordigers van die Gereformeerde kerke en moet rolspelers in dié gesprek by besinning betrek.
6. Die Algemene Sinode handhaaf egter ook ten opsigte van die liberaal-demokratiese bestel dat dit 'n feilbare menslike politieke model is. Daarom verset ons ons teen enige poging om die demokrasie tot 'n soort heilsleer te verhef en verbind ons onself daartoe om steeds as getuies van God se oppergesag op te tree waar ons meen dat sy Naam deur wetgewing en praktyke binne ons staatsbestel oneer aangedoen word. Juis hierin dien ons ons samelewing: dat ons aan God meer gehoorsaam is as aan die mense.
7. Die Algemene Sinode roep kerkvergaderings en lidmate op om, waar die Here aan hulle die geleentheid gee, as lojale en kritiese landsburgers deel te word van die openbare gesprek oor die beleid en toekomsplanne van ons land, en om binne hierdie gesprek steeds hulle bydrae vanuit 'n geloofsperspektief te lewer.
8. Die Algemene Sinode bely dat die kerk dikwels in gebreke bly om self deur woord en daad te getuig van die oppergesag van God oor alle lewensterreine. Ons bely dat Christene dikwels skuldig staan aan optredes wat veroorsaak dat God se Naam deur ander mense belaster word. Ons roep die Kerk op tot verootmoediging en tot 'n nuwe verbintenis om God in die totale lewe onvoorwaardelik te gehoorsaam.

12.13 KINDERS AAN DIE NAGMAALSTAFEL (552: 15/16)

1. Die Algemene Sinode handhaaf sy besluit van 1998 dat gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo, aan die vereistes van 1 Kor 11 voldoen, en die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.
2. Die Algemene Sinode keur die volgende aanbevelings van die ASK (Agenda 2002 bl 344) as beginselstandpunt goed:
 - 2.1 Kerkrade het 'n deurlopende verantwoordelikheid om doop- en belydende lidmate toe te rus en te begelei vir die Christelike leer en lewe.
 - 2.2 Kerkrade het daarom ook 'n verantwoordelikheid om die besluit van die Algemene Sinode 1998 oor die toelating van kinders tot die nagmaal uit te voer. In hierdie proses moet daar deurlopende begeleiding van ouers en kinders plaasvind, omdat die ouers so 'n belangrike rol by die kind se sinvolle gebruik van die sakrament speel. Kerkrade kan hiervoor die prediking, kategeese, die pastorale werk van predikant, ouderling en diaken en ander vorme van begeleiding, inligting en voorligting gebruik.
 - 2.3 Met betrekking tot die toelating van dooplidmate tot die nagmaal tref elke kerkraad toepaslike reëlings in die lig van plaaslike omstandighede. Wykskerkeraadslede en/of kategete kan ook in die opsig saam met die ouers betrek word.

12.14 KORRUPSIE (550: 9.8)

1. Die Algemene Sinode spreek sy kommer uit oor die hoë voorkoms van korrupsie in die Suid-Afrikaanse samelewing en spreek sy steun uit vir die antikorrupsieveldtog van die regering.
2. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om 'n bydrae tot die bestryding van korrupsie te lewer deur:
 - 2.1 die risiko van onetiese praktyke in eie geledere te verminder deur die toepassing van effektiewe finansiële en personeelbestuur
 - 2.2 toe te sien dat bedieningspraktyke soos prediking, sakramentsbediening, gebed, kategeese en barmhartigheidsdiens op gesonde morele vorming gerig is
 - 2.3 die materialisme wat 'n integrale deel van die lewenstyl van baie lidmate geword het, te opponeer en aan lidmate leiding te gee oor 'n eenvoudige lewenstyl in ooreenstemming met die morele waardes wat Jesus Christus verkondig het
 - 2.4 lidmate toe te rus om weerbaar te wees teen versoekinge tot korrupsie deur in die prediking, kategeese

en volwassene-opleiding aandag aan werketiek en etiek in die werkplek te gee.

2.5 ekumeniese samewerking met ander kerke te soek met die oog op die monitering van getuienis teen korrupsie op plaaslike vlak

2.6 betrokke te raak by inisiatiewe om die vermoë van gesinne en skole tot gesonde morele vorming te bevorder en betrokke te raak by nood wat by die polisie aangemeld word, maar nie deur die wet hanteer kan word nie.

2.7 'n polisiekantoor in die omgewing "aan te neem" en die personeel geestelik en moreel te ondersteun.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding om ondersoek in te stel na die behoefte aan die opleiding van teologiese studente en die voortgesette opleiding van predikante in beroepsetiek.

12.15 LOTTO (552: 17.3.6)

1. Hoewel daar nie genoegsame gronde is om by voorbaat alle vorme van lotery as sonde af te wys nie, waarsku die Algemene Sinode lidmate ernstig teen gevare wat deelname aan die staatslotery vir hulle kan inhou: die verleiding tot geldgierigheid, die versoeking om onverantwoordelik geld te verkwis en die gevaar dat dobbelverslawing 'n greep op hulle kry.

2. Die Algemene Sinode oordeel dat die staatslotery as 'n samelewingspraktyk 'n swak morele basis het, omdat dit teer op die materialisme van ons tyd.

3. Die Algemene Sinode oordeel dat die staatslotery moreel nadelige gevolge vir veral arm mense inhou, omdat dit:

3.1 valse verwagtinge by hulle wek dat hulle 'n kans het om deur deelname uit hul geldelike verknorsing te kom en hulle aanmoedig om broodgeld te bestee vir die koop van loterykaartjies

3.2 tot gevolg het dat welsynsorganisasies wat die nood van mense kan verlig, nou geldelik slegter daaraan toe is, omdat baie mense dit nie meer nodig ag om geld direk vir welsyn te skenk nie.

4. Die Algemene Sinode doen daarom 'n beroep op lidmate om hulle van deelname aan die staatslotery te weerhou en so deur hul voorbeeld getuienis te lewer teen die materialistiese gees wat dit deursuur en die moreel nadelige gevolge wat dit inhou.

5. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate om die geld wat hulle aan welsynswerk wil bestee liever direk aan kerklike en ander welsynsorganisasies te skenk en toe te sien dat kerklike welsynsorganisasies nie van geldelike steun uit staatsloteryfondse afhanklik is nie.

6. Die Algemene Sinode het begrip vir die morele dilemma waarvoor kerklike welsynsorganisasies staan as hulle moet besluit of hulle aansoek sal doen vir loterygeld om hul programme aan die gang te hou en aanvaar dat die keuse om aansoek te doen in bepaalde situasies die minste van twee kwade kan wees.

7. Die Algemene Sinode doen, in die lig van die ernstige negatiewe gevolge van die staatslotery, 'n beroep op die regering om onder geen omstandighede toe te laat dat 'n daaglikse Lotto ingestel word nie en om selfs die voortsetting van die huidige Lotto in ernstige heroerweging te neem. Die ASK word versoek om weë te soek om saam met ander Christelike Kerke hieroor met die regering in gesprek te tree.

8. Indien die regering voortgaan om 'n staatslotery te bedryf versoek die Algemene Sinode die regering dringend om hul nasionale beleid toe te pas en toe te sien dat die 30% lottogeld wat welsyn en ander verdienstelike organisasies toekom op 'n gereelde basis uitbetaal word.

12.16 OU TESTAMENT: FUNKSIE (551: 12.7)

1. Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is 'n baie ryk en gevarieerde verhouding wat onmoontlik onder een enkele formule vasgevat kan word. Die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament is byvoorbeeld baie meer as beloftevervulling (of wet-evangelie, of ou verbond-nuwe verbond, of die toorn van God teenoor sy liefde, of enige ander eenvoudige skema). Die Ou Testament is dus meer as profesieë wat in Christus vervul is, al is talle profesieë natuurlik wel in Hom vervul.

2. Die Algemene Sinode erken die verweefdheid tussen Ou en Nuwe Testament waarvolgens beide Testamente 'n teologiese noodsaaklikheid vir mekaar is omdat hulle in 'n verhouding van relatiewe onafhanklikheid van mekaar staan.

3. die Algemene Sinode besef opnuut dat die Ou Testament 'n veel langer tydperk as die Nuwe Testament dek en daarom kry ons daaruit perspektiewe wat ons in die Nuwe Testament mis. Dit word byvoorbeeld duideliker op watter manier God van geslag tot geslag met sy volk omgaan, hoe Hy byvoorbeeld telkens die inisiatief neem as die volk Hom teleurstel. Omdat die Ou Testament grootliks die verhaal is van sy omgang met sy *ongehoorsame* volk, kom sy ongelooflike geduld in verhaal na verhaal wonderlik na vore. Omdat ons vandag nog byvoorbeeld deur die doop in dieselfde genadeverbond opgeneem word wat Hy met Abraham gesluit het, help die Ou Testament ons om die plek van kinders in die genadeverbond te verstaan, iets wat nie so eksplisiet in die Nuwe Testament na vore kom nie

4. Die Algemene Sinode erken die noodsaak aan 'n omvattende teologiese verstaan van die Ou Testament waarin die gelyktydige gelyksoortigheid en ongelyksoortigheid van Ou en Nuwe Testament gehoor en waardeur word. Al is dit geforseerd om te verwag dat elke preek oor 'n teks uit die Ou Testament uiteindelik na Christus deurgetrek word, sal ons prediking oor die Ou Testament deurlopend beslissend deur ons geloof in Messias Jesus bepaal moet word.

5. Die Algemene Sinode benadruk die noodsaaklikheid van die omvattende visie op God, die mens en die wêreld wat so kenmerkend van die Ou Testament is.

12.17 PROSTITUSIE: DEKRIMINALISERING (553: 5.2)

1. Die Algemene Sinode spreek hom sterk uit teen die sonde van en gepaardgaande maatskaplike euwels verbonde aan prostitusie en is van oordeel dat die moontlike dekriminalisering daarvan eers kan plaasvind na deeglike ondersoek en implementering van 'n sosiaal-maatskaplike studie en die inwerkingstelling van maatreëls en ondersteuningsstrukture in hierdie verband.
2. Die Algemene Sinode besef dat prostitusie nie alleen deur wetgewing bestry kan word nie. Daarom roep die Algemene Sinode die lidmate op om self in die uitlewing van hulle seksualiteit die norme van die Bybel te handhaaf en om soos suurdeeg die samelewing met hulle getuieis deur woord en lewe te beïnvloed.
3. Die Algemene Sinode besluit om met die relevante rolspelers, insluitende die owerheid, in verbinding te tree om die probleem van armoede en werkloosheid aan te spreek.

12.18 SAAMWOON VAN AFGETREDENES OM EKONOMIESE REDES (553: 2.3) - die Algemene Sinode dra dit aan AKLAS op om die hele saak van alternatiewe op die huwelik te ondersoek. Alle groepe wat behoefte het aan alternatiewe moet in ag geneem word, byvoorbeeld afgetredenes en homoseksueles, asook die huidige pogings om wetgewing oor "partnerskap" goedgekeur te kry.

13. PREDIKANTEBEDIENING

13.1 ENTREPRENEURING (570: 8.10.3.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASK om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n omvattende ondersoek te doen na wyses waarop daar in die lewensonderhoud van 'n predikant voorsien kan word en die implikasies wat dit het vir bestaande kerkordelike bepalinge. Die insette van die ARK, AKPB, AKDV, AKF, AKG en AKTO word verkry.

13.2 KOMMISSIE PREDIKANTEBEDIENING (553: 1.7) - die Algemene Sinode besluit dat die ad hoc-kommissie vir predikantebediening vir ten minste nog 'n termyn met dieselfde opdrag bly voortbestaan.

13.3 MENTORPROGRAM VIR LERAARS (554: 3.5.2)

1. Die Algemene Sinode keur die skepping van 'n mentorprogram vir die eerste drie bedieningsjare van nuwe leraars (bevestigde proponente) in hul eerste gemeente goed.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKPB om in samewerking met AKTO en die VTO-Forum 'n mentorprogram vir die NG Kerk te ontwikkel en so gou moontlik te implementeer.
3. Die program staan bekend as die Predikante mentorprogram van die NG Kerk.
4. Die Algemene Sinode versoek dat die verpligte mentorprogram so ontwikkel word dat die pastorale begeleiding en voortgesette teologiese opleiding handevat in 'n gekoördineerde program.
5. Die Algemene Sinode versoek die VTO-FORUM en AKTO om verantwoordelikheid te neem vir die akkreditasie en opleiding van alle nuwe mentors vir die gestandaardiseerde mentorprogram van die NG Kerk.
6. Die Algemene Sinode versoek die AKPB om die aanvanklike implementering van die mentorprogram in elke sinode te bevorder deur 'n algemene strategie vir die infasering van die program te ontwikkel.
7. Die Algemene Sinode versoek elke streeksinode om 'n administrateur vir die mentorprogram aan te wys. Die mentorprogram administrateur help in die vestiging van mentorvennootskappe en begelei die mentors waar nodig. (Dit sluit o.a. die identifisering van nuut bevestigde leraars en potensiele mentors in die streeksinode in.)
8. Die Algemene Sinode versoek plaaslike gemeentes en streeksinodes om vir die koste van mentorprogram in hul gebied te begroot. (Die plaaslike gemeente as werkgewer is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die nuwe leraar en word deur die plaaslike sinode hierin ondersteun.)
9. Die Algemene Sinode versoek die AKPB om die mentorprogram so te ontwikkel dat ook ander leraars wat langer as drie jaar al in die bediening is, vrywillig by die mentorprogram kan inskakel.

13.4 PASTORALE VERSORGING (573: 6.7) - die Algemene Sinode versoek die verskillende sinodale kommissies vir predikantebediening om proponente en tentmakers by die pastorale versorging van predikante in te sluit.

13.5 PASTOR PASTORUM (553: 3.4.2)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die gedagtes tov 'n pastor pastorum bediening in Bylae A.13.2.
2. Die Algemene Sinode erken die belangrikheid en moontlikhede van die praktyk van 'n pastor pastorum bediening vir die NG Kerk.
3. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op Sinodes om dringend aandag te gee aan die pastorale versorging van sy predikante onder andere deur die vestiging van die praktyk van 'n pastor pastorum bediening.
4. Die Algemene Sinode beveel die riglyne (in Bylae A.13.2) en die breë raamwerk van die begeleidings-

proses aan as hulp om 'n bediening van pastor pastorum tot stand te bring.

13.6 RETRAITES IN PREDIKANTEBEDIENING (554: 3.6.2)

1. Die Algemene Sinode keur die skepping van 'n retraiteprogram vir leraars goed.
2. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKPB om saam met die huidige individuele aanbieders van retraites in die NG Kerk, asook die AKG en die VTO- Forum akkreditasievereistes te bepaal, sodat aanbieders by 'n sentrale punt geakkrediteer kan word.
3. Die Algemene Sinode versoek sinodes om (waar toepaslik) retraites te benut as 'n vrugbare bedieningsmiddel binne die totale predikanteversorging.

13.7 VERSORGINGSKOMMISSIE (554: 3.7.2)

1. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om die begeleiding en versorging van leraars te doen deur 'n kommissie met persone spesifiek hiervoor afgesonder.
2. Die Algemene Sinode versoek die AKPB om sinodes te dien met 'n denk- en werkraamwerk vir die ontwikkeling en funksionering van gemeentelike predikanteversorgingskommissies.

14. REGSAKE

14.1 AFVAARDIGING SINODES (563) - verwys na ARK:

Die Sinode versoek die ASK om die moontlikheid te ondersoek om ten opsigte van die afvaardiging van die streeksinodes na die Algemene Sinode 'n formule uit te werk waar kleiner sinodale gebiede nie benadeel word nie en groter sinodale gebiede 'n groter verteenwoordiging het met betrekking tot die lidmate wat hulle verteenwoordig.

14.2 ARBEIDSVERHOUDINGE (562) - verwys na ARK en AKDV vir ondersoek:

1. Die Sinode besluit dat terwyl hy begerig is om 'n eie inhoud aan sy arbeidsverhoudinge te gee alles in werking gestel moet word ten einde te verseker dat die Kerk se aanspreeklikheid beperk sal word deur te bly by die bepalings van die toepaslike arbeidswetgewing. Daarom dra die Sinode dit op aan die ASK tesame met die ARK om:
 - 1.1 'n Kerklike tribunaal/ale te skep wat tug en arbeidssake teen werknemers kan hanteer.
 - 1.2 Die registrasie van 'n werkgewersorganisasie te bewerkstellig.
 - 1.3 Om leiding te gee sodat 'n werknemersorganisasie vir Kerklike werkers tot stand sal kom.
 - 1.4 'n Sektorale bedingingsraad vir die Kerk te registreer ten einde 'n omvattende en afdwingbare arbeidsbediening tot stand te bring en in stand te hou.

14.3 ARTIKEL 11 (556: 1.4.3) - die Algemene Sinode besluit

1. Dat dit kerkrade vrystaan om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie. Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die ring/ringskommissie wat hom van die meriete daarvan moet vergewis. Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor die pos ontstaan het.
2. Die ARK versoek die Algemene Sinode om sy opdrag (Handelinge 1998, bl 408, 1.1.3) aan die ARK te herhaal, naamlik: *Die Algemene Sinode versoek die ARK om 'n studie van die hele Artikel 11 te maak en aan die volgende Algemene Sinode daaroor te rapporteer.*

14.4 ARTIKEL 12 (557: 1.10.3) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om opnuut te gaan kyk na die inhoud van "bedryfsvereistes".

14.5 ARTIKEL 12b 2.1 (562) - verwys na ARK en AKDV vir ondersoek:

Wysig artikel 12b 2.1 as volg:

"Klagtes teen werknemers van die gemeente of kerkverband word deur die betrokke diensverhoudingskommissie hanteer met uitsondering van klagtes teen 'n predikant wat nie direk verband hou met sy werkverrigting nie. Sodanige klagtes word deur die ring hanteer." (FM Vorster/J Loretz)

14.6 ARTIKEL 12.5.3: INTERPRETASIE (562: 4.1) - die Algemene Sinode bevestig dat rasionalisasie van 'n leraar kragtens Art. 12.5.3 nie noodwendig afskaffing van die leraarspos beteken nie. Kerkrade word egter daarop gewys dat die vulling van so 'n vakature met versigtigheid moet geskied.

14.7 ARTIKEL 27 (544) - Die Algemene Sinode

1. gee opdrag aan die ARK om riglyne vir die implementering van die nuwe Art 27 op te stel met verslag aan die ASK;
2. versoek kerkrade om nie met die implementering voort te gaan voordat die ASK die ARK se verslag oorweeg het nie;
3. besluit dat beide die huidige en die gewysigde Art 27 in die nuwe kerkordeboek gepubliseer word met 'n

aantekening dat die ASK van die implementeringsdatum van die gewysigde Art 27 kennis sal gee.

14.8 ARTIKEL 27 (558: 5.1.8) - die Algemene Sinode verwys Art 27.1 na die ARK om in oorleg met die AKG opnuut te besin oor die formulering van hierdie artikel.

14.9 ARTIKELS 30 EN 33: SAMESTELLING VAN RING/AFVAARDIGING SINODE (561: 1.7.1) - die Algemene Sinode verwys hierdie beskrywingspunt (B.14.7) na die ARK vir studie en aanbeveling by die volgende Algemene Sinode, nl

1. Verander Kerkorde Artikel 30.1 om te lees: "Die ring word saamgestel uit die leraar(s) en een kerkraadslid/lidmaat deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied."
2. Verander Kerkorde Artikel 30.2 om te lees: "As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om nog een kerkraadslid/lidmaat vir elke bykomende predikantspos af te vaardig, indien die sinode so besluit."
3. Verander Kerkorde Artikel 33.1.1 om te lees: "'n Gelyke aantal leraars en kerkraadslede/lidmate uit elke gemeente in die sinodale gebied as afgevaardigdes van elke kerkraad. Die sinode besluit op die aantal afgevaardigdes per gemeente."
4. Die Sinode besluit (nie vir opname in Die Kerkorde nie): "Waar lidmate afgevaardig word na meerdere vergaderings, behoort hulle minstens die kerkraadsvergadering voor die meerdere vergadering en twee kerkraadsvergaderings na die meerdere vergadering adviserend by te woon.

14.10 ARTIKEL 35: SAMESTELLING VAN AFVAARDIGING NA DIE ALGEMENE SINODE (561: 1.8)

1. Die Algemene Sinode verwys hierdie beskrywingspunt (B.14.8) na die ARK vir studie en aanbeveling by die volgende Algemene Sinode, nl die Algemene Sinode word versoek om Artikel 35.7 van Die Kerkorde so te wysig dat die laaste drie woorde, naamlik "uit sy lede" geskrap word.
2. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om 'n studie te doen oor die presbiteriaal-sinodale kerkregering.

14.11 BEROEPBAARHEID BINNE NG KERKFAMILIE (564: 2.3.7.2 en 2.3.8.5)

1. Verwys na ARK vir aandag, nl Besluit 9 (Die Kerkorde p 85), wat handel oor beroepbaarheid en die Belhar-belydenis, verval en word weggelaat uit die nuwe Kerkorde.
2. Verwys na ARK vir aandag, nl die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om die verskillende bepalinge wat implikasies het vir die beroepbaarheid van geëgitimeerdes binne die NG Kerkfamilie sodanig te wysig dat wedersydse beroepbaarheid inderdaad 'n haalbare moontlikheid word.

14.12 BEROEPSTELSEL (554: 1.2.3 en 556)

1. Die Algemene Sinode gee 'n nuwe opdrag aan die ARK om die beroepstelsel de novo te ondersoek en die Algemene Sinode te bedien met voorstelle wat die funksionaliteit van die beroepstelsel sal herstel.
2. Die Algemene Sinode besluit in die lig van 'n de novo ondersoek na die beroepstelsel in die geheel, om die status quo te handhaaf met inbegrip van enkele aanbevole aanvullende aantekeninge om bepaalde artikels toe te lig.

14.13 BEVOEGDHEID PREDIKANTE EN PROPONENTE (573: 6.6) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om ondersoek te doen na die huidige reëlings met betrekking tot bevoegdheid van predikante en proponente met spesifieke verwysing na:

1. die moontlike struikelblok wat huidige reëlings tot gevolg het om proponente as predikante te bevestig;
2. die moontlikheid om predikantsbevoegdheid nie aan 'n gemeente te koppel nie;
3. die kerkordelike weg waardeur proponente in staat gestel kan word om in die kerk te werk.

14.14 DOOP VAN KINDERS UIT DIE BUITELAND (560: 5.1.2)

1. As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in 'n ander gemeente as hul tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hul tuisgemeente verkry.
2. As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:
 - 2.1 Hulle moet toestemming van hul gemeente in die buiteland kry;
 - 2.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer.
3. As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, word die volgende prosedure gevolg:
 - 3.1 Die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmate was totdat hulle geëmigreer het;
 - 3.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer;
 - 3.3 Hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by 'n gemeente kan inskakel nie, en hulle word aangespoor om wel by 'n gemeente in die buiteland in te skakel.

14.15 DOOP EN KATEGESE : KONSOLIDERING BESLUIE (560: 5.4.2.2) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die AJK om in oorleg met die ARK besluite wat by verskillende Algemene Sinodes rakende doopbediening, doopkategeese, kategeese en belydenisaflegging geneem is, tot een stel besluite te konsolideer vir opname in 'n verslag aan die volgende Algemene Sinode.

14.16 JAARLIKSE AANMELDING DEUR ALLE DIENENDE PREDIKANTE (562: 3.1) - die Algemene Sinode besluit dat alle dienende predikante jaarliks via hulle gemeenteskriba die skriba (bevoegdheidsregister) van die ARK moet inlig oor hulle huidige gemeente en posisie

14.17 KERKLIDMAATSKAP (559: 2.6.4 en 560)

1. Die Algemene Sinode aanvaar die volgende uitgangspunte vir die hantering van kerklike lidmaatskap:

1.1 Insluiting in die verbond (soos deur die doop bekragtig) is die grond vir volledige lidmaatskap.

1.2 Lidmaatskap van 'n gemeente (nie noodwendig die een binne wie se geografiese grense gewoon word nie) is verpligtend.

1.3 By watter gemeente ingeskakel word, is *primêr* die verantwoordelikheid van die lidmaat.

1.4 Gemeentes bly geografies ingedeel sover die geografiese gebied verstaan word as daardie gebied waarvoor die gemeente die institusionele verantwoordelikheid aanvaar om daar die koninkryk van God op elke terrein te bevorder.

2. Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik om gemeentes geografies af te baken.

3. Die Algemene Sinode besluit dat die formele aflegging van geloofsbelydenis ingeklee word as 'n getuienis van persoonlike geloof in Jesus Christus, onderskrywing van die Gereformeerde leer soos vervat in die Ou- en Nuwe Testament en die artikels van die Christelike geloof en gereedheid om leiding te neem in die gemeente.

4. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Jeugkommissie om toe te sien dat die kategetiese materiaal doelgerig aandag gee aan leerstellige en praktiese toerusting van lidmate om hulle diens verantwoordelikheid in die gemeente en gemeenskap te kan aanvaar.

5. Die Algemene Sinode besluit dat die onderskeid tussen doop- en belydende lidmaatskap nie dui op dubbele lidmaatskap nie, maar slegs 'n onderskeid in die proses van lidmaatskap ontwikkeling aandui.

6. Omdat die ontwikkeling na belydende lidmaatskap gepaard gaan met die gereedheid om meerdere verantwoordelikheid tot diens leiding in die gemeente te aanvaar, besluit die Algemene Sinode dat slegs belydende lidmate tot die ampte (diens leierskap) gekies word.

7. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om 'n studie te doen oor die faktore wat 'n rol speel in die besluitnemingsproses van lidmate wanneer by 'n gemeente ingeskakel moet word. Aan die hand hiervan word die AKG opdrag gegee om so gou moontlik riglyne aan gemeentes beskikbaar te stel aan die hand waarvan lidmate gelei kan word om op verantwoordelike en sinvolle wyse by gemeentes in te skakel.

8. Die Algemene Sinode besluit om punte 3.2.2.1 tot 3.2.2.4 te aanvaar as praktiese riglyne vir die hantering van lidmaatskap en attestasie.

Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met:

(1) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeente grense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref.

(2) Die ARK kry opdrag om die riglyne te integreer en in die kerkorde op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

Die Sinode besluit dat die praktiese hantering van attestasie en spesifiek die prosedure met betrekking tot lidmaatskap oor grense heen, onmiddellik van krag is.

9. Lidmate van ander kerke wat versoek om in te skakel, word hanteer in terme van bestaande besluite van die Algemene Sinode. Waar sulke persone se doop erken word, kan hulle inskakel in die gemeente en deelneem aan die sakramente.

10. Die Algemene Sinode besluit om die volgende Begrip verklaring oor kerklike lidmaatskap in Die Kerkorde op te neem: Die term *kerklidmaat* of *lidmaat* is 'n aanduiding van 'n bepaalde band tussen 'n gemeente en 'n individu waarvolgens die gemeente van Jesus Christus die individu as deel van daardie gemeente se verbondsverhouding met die drie-enige God aanvaar en waarvolgens die individu deelneem aan die diens van die gemeente aan God, medemens en skepping. 'n *Dooplidmaat* in hierdie verband is 'n lidmaat wat gedoop is, maar nog nie belydenis van geloof afgelê het nie. 'n *Belydende lidmaat* is 'n lidmaat wat in 'n erediens belydenis van geloof afgelê het. Hierdie onderskeiding dui nie op dubbele lidmaatskap nie, maar is slegs aanduiding van 'n lidmaat se gereedheid tot aanvaarding van meerdere verantwoordelikheid in leidinggewende verband in 'n gemeente as belydende lidmaat.

11. Die Algemene Sinode besluit dat belydende lidmaatskap deur 'n tughandeling beëindig kan word as uiterste stap van tug. So 'n persoon kan slegs deur belydenis van geloof weer belydende lidmaat word nadat die tug opgehef is.

12. Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Algemene Sinode in die lig van Art. 10 van die Kerkorde (1998) en die NGB art. 16, besluit die Algemene Sinode om die hele verslag van die Ad Hoc-kommissie vir Kerklidmaatskap (Agenda bladsy 306-311 punt 2.6) na die ARK te verwys om opnuut te kyk na al die aanbevelings.

14.18 KERKORDE IN ENGELS (570: 8.10.6.2)

1. Die Algemene Sinode besluit dat Die Kerkorde in Afrikaans die amptelike weergawe is van hoe die orde in die kerk gereël behoort te word. Sou enige dispuut ontstaan vanweë die gebruik van Die Kerkorde in Engels, geld die Afrikaanse weergawe.
2. Die Algemene Sinode besluit om 'n bedrag van R25 000 te begroot vir die hersiening van Die Kerkorde om, waar dit om persone gaan, van inklusiewe woorde gebruik te maak ten opsigte van beide geslagte, asook vir die verdere gereedmaak van Die Kerkorde vir publikasie na die vergadering van die Algemene Sinode met betrekking tot veranderinge, redaksionele wysigings, die Engelse vertaling van Die Kerkorde en die beskikbaarstelling daarvan elektronies en (indien moontlik) ook op CD.

14.19 KONTRAKTE (562) - die Sinode vestig kerkrade/ kommissies se aandag daarop dat enige wysigings aan bestaande werkgewer-werknemer kontrakte slegs na onderhandeling en goedkeuring van beide partye aangebring kan word.

14.20 KOËPSIE IN KOMMISSIES (557: 1.8.3) - die Algemene Sinode onderskryf die standpunt van die ARK: kerklike kommissies beskik nie oor 'n reg van "vrye koöpsie" nie. Dit sou wel 'n kerkvergadering vrystaan om aan 'n kommissie die opdrag/ reg te gee om op 'n beperkte wyse die getal van die kommissie uit te brei tot 'n bepaalde maksimum. Kommissies wat dit benodig, moet die noodsaak van sodanige koöpsie motiveer. In so 'n geval koöpteer die kommissie met die mandaat van die opdraggewer. Sodanige gekoöpteerdes word volle lede van die kommissie. Waar daar tydens benoeming nie aan 'n kommissie die reg/opdrag tot koöpsie gegee word nie, kan die kommissie in elk geval gebruik maak van kundiges wat op ad hoc basis hulp aan die kommissie verleen met betrekking tot spesifieke sake. In so 'n geval word die persone wat gebruik word, nie lede van die kommissie nie.

14.21 LEGITIMASIE MET BEPERKTE OPDRAG (556: 1.3.3) - die Algemene Sinode keur goed dat:

1. 'n Aansoek om legitimasie met beperkte opdrag vanaf 'n kerkraad, met goedkeuring van die plaaslike ring, aan die ARK gerig word.
2. Die gronde vir die aansoek, in terme van die vereistes van legitimasie (Art 5) deur die ARK beoordeel moet word alvorens die ARK 'n besluit daaroor neem, met verslag aan die Algemene Sinode.
3. Dat die beperking slegs betrekking het op die opdrag van die kandidaat (dws 'n beperking van beroepbaarheid tot 'n besondere streek, of kategoriale bediening) en nie op bevoegdheid as sulks nie. (Volle predikantsbevoegdheid bly 'n vereiste).
4. Dat beroeping slegs mag plaasvind nadat die ARK skriftelike toelating tot die bediening gegee het (= legitimasie).
5. Kandidate uit nie-lidkerke van die NG Kerk-familie *colloquium doctum* voor 'n Eksamenkommissie van die NG Kerk moet aflê.

14.22 NAGMAAL: BEDIENING (561: 1.16) - die Algemene Sinode gee opdrag aan die ARK om in oorleg met AKLAS, die AKG en die AKE te besin oor die saak wat in hierdie beskrywingspunt (B.14.16) aan die orde gestel word.

14.23 SAMESMELTING VAN GEMEENTES: APPROBASIE (562: 5) - die Algemene Sinode verwys die ondersoek oor die beginsel van approbasie by Kerkeenheid en in die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van gemeentes, na die ARK met verslag aan die ASK om na bevind van sake te handel.

14.24 STANDPLAASRUILING (555: 7.3.1) - die Algemene Sinode besluit soos volg:

1. Die NG Kerk aanvaar steeds die beroepstelsel as die normale en gewenste praktyk vir die plasing en wisseling van predikante.
2. In die lig van navorsing (Kerkspieël 6) moet erken word dat die groot oorvoorsiening van leraars en weinig vakatures, veroorsaak het dat die beroepstelsel tans nie die nodige gesonde rotasie van predikante te weeg bring nie. Daar is dus behoefte aan 'n aanvullende meganisme wat gesonde wisseling kan help bevorder.
3. Die Algemene Sinode het reeds die beginsel van standplaasruiling goedgekeur as 'n aanvullende meganisme (vgl oa. 1994). Standplaasruiling as 'n aanvullende stelsel kan help om die huidige probleme te hanteer, mits dit as volg gewysig word:
 - 3.1 Die Algemene Sinode benoem 'n kommissie met die bevoegdheid om die omruiling van leraarstandplaas met verskillende sinodale gebiede te inisieer, te onderhandel en te finaliseer. Die Algemene Sinode adviseer sinodes om kommissies binne die Sinodale gebiede saam te stel wat standplaasruilings binne die streke kan inisieer, onderhandel en finaliseer. Die Algemene Kommissie word saamgestel met een verteenwoordiger van elke streeksinode. Die voorsitter van die AKPB tree op as sameroeper.
 - 3.2 Die Algemene Sinode versoek die kommissie om binne die raamwerk van die volgende uitgangspunte

riglyne op te stel vir die implementering van die stelsel:

3.2.1 Roeping: In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die leraar en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as een van die maniere waarop die Here leraars na gemeentes kan roep.

3.2.2 Bona fides: Bedieningsvernuwing en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak. Dit gaan om bona fide redes vir verwisseling van standplase. Die proses mag bv nie gebruik word om dreigende tughandeling te ontduik nie.

3.2.3 Ooreenkoms: Aangesien die leraar en kerkraad in 'n werksverhouding staan wat amptelik by wyse van Kerkordebepalings gereguleer word, sal dit in die handelinge rondom verwisseling van standplase verreken moet word. Die regte en voorregte van albei partye, die kerkraad en die leraar, sal in ag geneem moet word. Dit bied egter wel die geleentheid dat verwisseling by wyse van ooreenkoms gereël kan word (na analogie van Art.7 van die Kerkorde 1998). 'n Proses waarvolgens kerkrade en leraars 'n ooreenkoms tot verwisseling aangaan, waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar, moet moontlik gemaak word.

3.2.4 Verwisseling: Die kerkverband en sinodale begeleiers dwing nie verwisseling af nie maar skep 'n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie.

3.2.5 Die Kerkverband: Die kerkverband speel in die verband 'n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk 'n eie rol te vervul.

3.2.6 Beroeping: Die skriftelike ooreenkoms waartoe deelnemende partye kom om van standplaas te verwissel, is 'n geldige beroep en vereis nie 'n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet voor finale ondertekening vir twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die betrokke gemeentes voorgelê word. (Vgl. die analogie in Reglement 6: Die Reglement vir die eenwording van gemeentes, par. 2.3)

3.2.7 Multilaterale verwisseling: In gevalle waar 'n bilaterale passing nie bewerkstellig kan word nie, sou multilaterale passings oorweeg kon word.

3.3 Ter wille van die verdere ondersteuning van die nuwe stelsel versoek die Algemene Sinode die kommissie om ondersoek in te stel na 'n sisteem waarvolgens alle predikante in die reël na 7 jaar in 'n gemeente op 'n standplaasverwisselingslys kom. Die kommissie lewer hieroor verslag met aanbevelings aan die ASK in die interim.

3.4 Al bg. word vir 6 jaar geïmplementeer waarna die Sinode weer kan besluit hieroor. Die kommissie sou in ooreenstemming met die ASK aanpassings kon maak aan die voorgestelde stelsel.

14.25 VERLOFREGLEMENT (556: 1.7.2)

1. Verlof wat voor die wysiging van bepaling 1 van Reglement 22 bestaan het, bly geld en werkgewers en predikante kom self ooreen oor die wyse waarop die verlof geneem en/of uitbetaal word. Die ooreenkoms mag nie minder voordele beheld as wat bepaling 1 van Reglement 22 tot met die besluit van die Algemene Sinode voorsien het nie.

2. Dat die AKF, in samewerking met die AKDV, 'n volledige studie van Predikante se vergoeding met insluiting van alle diensvoordele en -voorwaardes (insluitende verlof) doen. Die realiteite van die dag (vermoë van gemeentes en algemene markkragte) behoort by die studie in ag geneem te word.

3. Die Algemene Sinode versoek die AKDV om riglyne op te stel vir die toekenning van studieverlof met verslag aan die Moderamen van die Algemene Sinode.

14.26 WERKTERREIN ALGEMENE SINODE EN SINODES (557: 1.13.3)

1. Die Algemene Sinode oordeel dat die huidige onderskeid in werkterrein tussen die sinode/ Algemene Sinode soos in Die Kerkorde (artikel 35,43) verantwoord en, wat Die Kerkorde aanbetref, vir die huidige funksioneel is.

2. Die Algemene Sinode aanvaar dat veranderings aan hierdie onderskeid by die vorming van 'n nuwe kerkverband in die NG Kerkfamilie kan intree.

3. In die lig van enkele beginsels soos vervat in hierdie studiestuk (onder andere KO artikel 20,22) en resente ontwikkelinge in die visie op 'n gereformeerde kerkverband versoek die Algemene Sinode die Algemene Regskommissie om die werkterreine van die vier kerkvergaderings soos omskryf in Die Kerkorde te hersien met die oog op die volgende Algemene Sinode. In die proses kan daar gekyk word of die take van die Algemene Sinode nie verminder en die van die sinode nie duideliker omskryf kan word nie. In die verband word

3.1 sinodes en die permanente kommissies van die Algemene Sinode genooi om hulle insette te lewer;

3.2 die uitkoms van 'n proses van strategiese beplanning rondom die werksaamhede en funksionering van die Algemene Sinode by die ASK verreken.

15. TEOLOGIESE OPLEIDING

15.1 BESKIKBARE STUDENTE (579: 3.3.3) - die Algemene Sinode neem kennis van die veranderende situasie ten opsigte van studente wat vir teologiese opleiding met die oog op die bediening in die NG Kerk ingeskryf is en vir legitimasie beskikbaar sal wees.

15.2 BREË LIGGAAM TEOLOGIESE OPLEIDING (579: 4.2.3) - die Algemene Sinode versoek AKTO om voort te gaan met inisiatiewe wat die daarstelling van 'n breë liggaam wat teologiese opleiding binne die familie van NG Kerke kan koördineer moontlik sal maak en om hieroor aan die ASK verslag te doen.

15.3 DOSENTE (579: 3.3.1) - die Algemene Sinode spreek sy grootste waardering en dank uit teenoor dosente van die NG Kerk wat te midde van groterwordende eise in hul onderskeie werkkringe steeds met toewyding en entoesiasme studente van die familie van NG Kerke vir die bediening van die Woord opgelei het, asook vir hul onvermoeide ywer in diens van Gods Koninkryk aan die teologiese fakulteite in Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein. Die Algemene Sinode verseker hulle van heelhartige ondersteuning in belang van die teologiese opleiding van die Kerk, en bid hulle die seën van die Here hierin toe.

15.4 KURATORIA (579: 2.2)

1. Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die werk wat deur die onderskeie kuratoria gedoen is, en spreek sy dank uit teenoor die lede van die kuratoria en alle amptenare wat hul in die werk bystaan.
2. Die Algemene Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Sinodes van Wes- en Suid-Kaap, die Vrystaat en die Transvaalse Sinodes vir hul volgehoue ondersteuning van en die beskikbaarstelling van middele vir die werksaamhede van hierdie kuratoria en van die fakulteite waar hierdie arbeid verrig word.

15.5 SACTE (580) - die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk volle lidmaatskap behou van die South African Council for Theological Education (SACTE). Dit beteken

1. Die twee verteenwoordigers van die NG Kerk word aangewys deur die ASK - die een om die Kerk te verteenwoordig en die ander een om teologiese opleiding te verteenwoordig (laasgenoemde op aanbeveling van AKTO)
2. Daar word gereeld verslag gedoen aan AKTO van die werksaamhede van SACTE.
3. AKTO hou die Algemene Sinode op hoogte van tersake verwickelinge wat van belang is vir die NG Kerk se teologiese opleiding.

15.6 SEKSUELE ORIËTERING STUDENTE (580: 5.3.2) - die Algemene Sinode dra dit aan AKTO op om die kuratoria oor die standpunt van die Sinode in te lig.

15.7 TEOLOGIESE FAKULTEITE (579: 4.1.7)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die posisionele en strukturele veranderinge wat daar by die drie teologiese fakulteite waar studente vir die bediening in die NG Kerk opgelei word, plaasgevind het.
2. Die Algemene Sinode erken die unieke waarde van elkeen van die drie teologiese fakulteite, en beskou dit steeds as wenslik dat die opleiding van teologiese studente vir die NG Kerk in 'n universitêre omgewing soos aan hierdie drie instellings, voortgaan.
3. Die Algemene Sinode versoek AKTO en die drie kuratoria om van ontwikkelinge by die fakulteite op hoogte te bly en te verseker dat teologiese studente van die NG Kerk akademies en andersins voldoende in die Gereformeerde teologie onderrig sal kan word, en om sowel hul betrokke sinodes as die ASK oor die haalbaarheid hiervan voortgaande in te lig.
4. Die Algemene Sinode aanvaar die Profiel van 'n NG predikant as 'n geldige uitdrukking van die verwagtinge wat die NG Kerk van sy teologiese opleiding koester, en moedig AKTO en die drie kuratoria aan om voort te gaan om dit as riglyn in die uitvoering van hul verantwoordelikhede te gebruik.
5. Die Algemene Sinode versoek AKTO om diepgaande oor die voor- en nadele van die huidige geïntegreerde teologiese kursus (BTh/MDiv), die beperking in beroepsmoontlikhede wat daardeur meegebring word en die vereistes waaraan Gereformeerde teologiese opleiding moet voldoen, te besin en om alle belanghebbendes by dié gesprek te betrek.
6. Die Algemene Sinode bewillig in beginsel addisionele fondse vir AKTO om in die volgende twee jaar aan laasgenoemde versoek uitvoering te gee.
7. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op kerkrade om hulle leraars indien nodig beskikbaar te stel vir diens as deeltydse dosente.

15.8 TOELATING TEOLOGIESE STUDIES (580: 6.2.2) - die Algemene Sinode besluit dat die aangeleentheid van toelatingsvereistes en die bestuur van hierdie proses vir verdere ondersoek en moontlike riglyne daarvoor na AKTO te verwys met spoedige verslagdoening aan die ASK..

15.9 VOORGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING (580: 5)

1. Die Algemene Sinode besluit om, in belang van die behoud van bedieningsbevoegdheid, voortgesette teologiese en ander toepaslike opleiding vir huidige predikante as verpligtend en afdwingbaar te beskou.
2. Die Algemene Sinode besluit om so gou moontlik via SKG's en Sinodes die predikante te raadpleeg oor die beste en sinvolste wyse waarop hierdie verpligte en afdwingbare Voortgesette Teologiese Opleiding ingerig kan word.

3. Die Algemene Sinode dra dit aan AKG, ARK en AKTO op om (moontlik dmv 'n gesamentlike sub-kommissie) teen Februarie 2004 die ASK te dien met riglyne oor die uitvoering van hierdie besluit en die motivering daarvan onder die predikante van die Ned Geref Kerk.
4. Die Algemene Sinode dra dit aan AKTO op om in oorleg met die kuratoria voort te gaan met dringende besinning oor die werwing, toelating en keuring van studente wat vir teologiese opleiding met die oog op vol- of deeltydse bediening in 'n gemeente binne die Ned Geref Kerk aanmeld. Die verpligte en afdwingbare karakter van voortgesette teologiese opleiding moet in hierdie verband in aanmerking geneem word.
5. Die Algemene Sinode besluit om 'n punt 8 in te voeg by die legitimasië-eed (Agenda, bl. 375), nl "8: dat ek myself verbind tot voorgesette teologiese opleiding".

16. VROUELIDMATE

16.1 DIENSLEWERING VROUELIDMATE (581: 12.3) - die Algemene Sinode neem met dank en waardering kennis van vrouelidmate se volgehoue betrokkenheid en dienslewering in gemeentes landswyd.

16.2 KLEINGROEPBEDIENING EN VROUEDIENS (580: 4.1.2.3) - die Algemene Sinode besluit dat ondersoek na die uitwerking van die kleingroepbediening op die werkswyse van die Vrouediens voortgaan en as prioriteit beskou word.

16.3 MISSIE AKV (581: 12.2) - die Algemene Sinode neem kennis van die gewysigde missie van die AKV. Missie: Die Algemene Kommissie vir Vrouelidmate wil vroue begelei om op elke diens- en lewensterrein aktief as dissipels van Jesus Christus te lewe.

16.4 VROU IN GEMEENTES (581) - die Algemene Sinode herinner leraars en kerkrade daaraan dat die vrou geseënd is met unieke gawes en kwaliteite soos sensitiwiteit en deernis. Die vrou het ook unieke behoeftes en verwagtinge. Daarom moet vrouelidmate die geleentheid gebied word om hulle gawes tot volle ontplooiing te laat kom in die gemeente, sowel in dienslewering deur vroue as 'n bediening van vroue in ooreenstemming met hulle besondere emosionele en geestelike behoeftes.

16.5 VROU IN DIE KERK (573: 6)

1. Die Algemene Sinode bevestig onvoorwaardelik dat diskriminasie teen die vrou sonde was en is; bely sy eie aandeel, bewustelik of onbewustelik, aan optredes wat onbillik en kwetsend teenoor vroue in die kerk kon wees; moedig predikante, kerkrade en lidmate aan om sensitief te wees vir neerbuigendheid en vooroordele teenoor vroue; onderneem om meganismes aan die gang te sit om tot en met die volgende Algemene Sinode ernstig aandag te gee aan die saak, na aanleiding van die versoek wat van die kongres oor die vrou in die kerk onder die ASK se aandag gekom het.
2. Die Algemene Sinode verklaar die bevoordeling van een geslag bo 'n ander as teen die wil van God. Die Algemene Sinode spreek hom uit teen alle vorme van strukturele onreg, diskriminasie, magsmisbruik en geweld. Die Algemene Sinode onderneem om inklusiewe taal te gebruik in sy/haar kommunikasie, en doen 'n beroep op alle ander kerkvergaderinge om dieselfde te doen. Die Algemene Sinode spreek hom uit teen alle vorme van geweld, in die besonder verkragting, kindermolestering en gesinsgeweld, en betuig sy bewoëndheid met sodanige slagoffers. Die Algemene Sinode is onder die indruk dat dit 'n baie groot probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing is. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om lidmate te begelei, te troos en by te staan, en sensitief te maak vir die probleem.
3. Die Sinode wys 'n ad hoc-kommissie aan om aan die volgende sake tov die rol van vroue in die kerk aandag te gee met terugrapportering aan die volgende Algemene Sinode:
 - 3.1 'n Kerkgeskiedenis oor vroue se bydrae en ervarings met klem op vroue se perspektiewe.
 - 3.2 'n Empiriese studie oor die hermeneutiese sleutels waarmee vroue die Bybel lees, asook die invloed wat dit op hulle selfverstaan en geloofslewe het.
 - 3.3 Die aard van, en behoefte aan 'n eiesoortige spiritualiteit. Deel hiervan is die gesamentlike ontwikkeling deur mans én vroue van 'n eg gereformeerde etos, wat elke aspek van die geloofslewe insluit – ook teologiese opleiding en die opstel van onderrigmateriaal.
 - 3.4 Die Algemene Sinode begroot vir die navorsing wat die ad hoc-kommissie doen.
4. Die ad hoc-kommissie stel die navorsing aan sinodes beskikbaar met die oog op byeenkomste op streek-sinodevlak en/of inter-sinodedale vlak of tussen sinodes gesamentlik, waar die rol van vroue in die kerk bespreek word (byvoorbeeld vroue in die ampte, vroue as lidmate):
 - 4.1 Sinodes word versoek om die resultate van sulke byeenkomste aan die ad hoc-kommissie beskikbaar te stel.
 - 4.2 Die ad hoc-kommissie kry opdrag om Bybelstudiemateriaal in dié verband vir praktiese gebruik in gemeentes beskikbaar te stel, sodat 'n verantwoorde Skrifverstaan bevorder kan word en verwarrende standpunte hok geslaan kan word.
5. Die Algemene Sinode versoek kerkrade, ringe en streeksinodes om byeenkomste op sinodale vlak te hou

waar die rol van vroue in die kerk bespreek kan word.

6. Die Sinode besluit om die verrigtinge oor die kongres op die Algemene Sinode se webwerf beskikbaar te stel.
7. Die sinode spreek sy waardering uit teenoor soveel vrouepredikante, -proponente en -teoloë vir die baanbrekersbydrae wat hulle in moeilike omstandighede in die NG Kerk maak.
8. Die Sinode doen 'n beroep op Teologiese Fakulteite om waar moontlik - vroueteoloë in diens te neem.
9. Die Sinode versoek kerkrade, ringe en streeksinodes om intussen doelgerig moeite te doen om vroue na vergaderings af te vaardig.
10. Die Sinode versoek predikante en kerkrade om die leierskapspotensiaal van vrouelidmate te erken, waar nodig te ontwikkel en te benut.

16.6 VROUE IN KOMMISSIES (580: 4.1.1.3) - die Algemene Sinode handhaaf sy besluit en bring dit weer eens onder die Sinode se aandag, nl. die Algemene Sinode besluit om, wanneer sake van belang vir die vroue in die kerk bespreek word, ook 'n vrou of vroue in afvaardigings of kommissies in te sluit.